
DANSSTUDIES

*Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)*

# *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring*




## ***Verdere Onderwys- en Opleidingsfase***
## ***Graad 10-12***

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING
# GRAAD 10-12

# DANSSTUDIES

**Departement van Basiese Onderwys**
Strubenstraat 222
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 357 3000
Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465 1701
Faks: +27 21 461 8110
Webtuiste: http://www.education.gov.za

**© 2011 Departement van Basiese Onderwys**

**ISBN: 978-1-4315-0627-9**

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution

Gedruk deur: Staatsdrukkery

# VOORWOORD VAN DIE MINISTER



Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor ’n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geÏnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en ’n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te onsluit;
- Die grondslag te lê vir ’n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- ’n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die gemeenskap van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het ’n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was ’n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir ’n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)*, gelei.

Deurlopende implementeringsuitdagings het tot ‘n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002*) wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik diè vir Graad R-9 en Graad 10-12 in ’n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, gealmalgameer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op ’n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is ’n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

(a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;

(b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program-en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.



**MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP**
**MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS**

# INHOUD

**AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING ..... 3**

**1.1 Agtergrond ..... 3**

**1.2 Oorsig ..... 3**

**1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum ..... 4**

**1.4 Tydstoekenning ..... 6**

1.4.1 Grondslagfase ..... 6

1.4.2 Intermediêre Fase ..... 6

1.4.3 Senior Fase ..... 7

1.4.4 Graad 10-12 ..... 7

**AFDELING 2: INLEIDING TOT DANSSTUDIES ..... 8**

**2.1 Wat behels Dansstudies? ..... 8**

**2.2 Spesifieke doelstellings ..... 8**

**2.3 Tydstoekenning vir Dansstudies ..... 8**

**2.4 Hulpbronne benodig vir die onderrig van Dansstudies ..... 9**

**2.5 Oorsig van onderwerpe en toeslag ..... 10**

**2.6 Inhoud ..... 10**

**2.7 Die Aard van Progressie in Dans ..... 11**

**2.8 Onderrigriglyne ..... 15**

**AFDELING 3: KWARTAALBEPLANNING ..... 17**

**3.1 Kwartaalplanne ..... 17**

**AFDELING 4: ASSESSERING** ..... 37

**4.1 Inleiding** ..... 37

**4.2 Informele of daaglikse assessering** ..... 37

**4.3 Formele assessering** ..... 37

**4.4 Program van assessering** ..... 38

4.4.1 Program van assessering vir Dansstudies ..... 38

4.4.2 Tipes formele assessering vir Dansstudies ..... 39

**4.5 Rekordhouding en rapportering** ..... 40

**4.6 Moderering van assessering** ..... 41

4.6.1 Formele assessering (SGA) ..... 41

4.6.2 Praktiese assesseringstake (PAT) ..... 41

4.6.3 Finale praktiese eksterne eksamens ..... 42

**4.7 Bylae** ..... 43

Bylaag A: Formaat van die teorie/skriftelike eksamenvraestel: Graad 12 ..... 43

Bylaag B: Voorgeskrewe choreograwe en danswerke – konseplys ..... 44

Bylaag C: Praktiese Assesseringstake (PAT) ..... 45

PAT 1: Choreografie ..... 45

PAT 2: Groepdans ..... 46

Bylaag D: Graad 12-Praktiese Eksameninstrument ..... 48

Bylaag E: Dansers met ernstige siekte of besering ..... 49

**4.8 Algemeen** ..... 50

**4.9 Verwysings** ..... 50

# AFDELING 1

## INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

### 1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesseringsaangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad *R-12* te vervang.

### 1.2 Oorsig

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:

(i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;

(ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012).*

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:

(i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole),* gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en

(ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 7 Mei 2005.

(c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrawe b(i)* en *(ii)*, wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012),* gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:

(i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;

(ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124,* in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;

(iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No.27819* van 20 Julie 2005;

(iv) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoeftes*, gepromulgeer in *Staatskoerant, No. 29466* van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12;* en

(v) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot* die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing, No. 1267*, in *Staatskoerant No. 29467* van 11 Desember 2006.

(d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12.* Die uitkomste en standaarde wat behoudens *artikel 6(A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomste en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

### 1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

(a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.

(b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:

- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
- om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
- om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
- om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.

(c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:

- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
- *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en niekritiese leer van gegewe waarhede;

- *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaarde vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;

*Progressie*: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse

- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
- *Waardering vir inheemse kennissisteme*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
- *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.

(d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* Graad R-12 stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
- werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;
- organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
- begryp die wêreld is 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

(e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiëring te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010).*

## 1.4 Tydstoekenning

### 1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

| VAK | GRAAD (UUR) | GRAAD 1-2 (UUR) | GRAAD 3 (UUR) |
|---|---|---|---|
| Huistaal | 10 | 8/7 | 8/7 |
| Eerste Addisionele Taal | | 2/3 | 3/4 |
| Wiskunde | 7 | 7 | 7 |
| Lewensvaardighede<br>• Aanvangskennis<br>• Skeppende Kunste<br>• Liggaamlike Opvoeding<br>• Persoonlike en Sosiale Welsyn | 6<br>(1)<br>(2)<br>(2)<br>(1) | 6<br>(1)<br>(2)<br>(2)<br>(1) | 7<br>(2)<br>(2)<br>(2)<br>(1) |
| **TOTAAL** | **23** | **23** | **25** |

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. 'n Maksimum tyd van 8 uur en 'n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word 'n minimum tyd van 2 uur en 'n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word 'n maksimum van 8 uur en 'n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. 'n Minimum van 3 uur en 'n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

### 1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 6 |
| Eerste Addisionele Taal | 5 |
| Wiskunde | 6 |
| Natuurwetenskappe en Tegnologie | 3,5 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Lewensvaardighede<br>• Skeppende Kunste<br>• Liggaamlike Opvoeding<br>• Persoonlike en Sosiale Welsyn | 4<br>(1,5)<br>(1)<br>(1,5) |
| **TOTAAL** | **27,5** |

### 1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

| VAK | UUR |
|---|---|
| Huistaal | 5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Natuurwetenskappe | 3 |
| Sosiale Wetenskappe | 3 |
| Tegnologie | 2 |
| Ekonomiese Bestuurswetenskappe | 2 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Skeppende Kunste | 2 |
| **TOTAAL** | **27,5** |

### 1.4.4 Graad 10-12

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

| VAK | TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR) |
|---|---|
| Huistaal | 4,5 |
| Eerste Addisionele Taal | 4,5 |
| Wiskunde | 4,5 |
| Lewensoriëntering | 2 |
| Enige drie keusevakke uit **Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8)** van die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12,* onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in **paragraaf 28** van die genoemde beleidsdokument. | 12 (3 x 4 uur) |
| **TOTAAL** | **27,5** |

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.

# AFDELING 2

## DANSSTUDIES

### 2.1 Wat behels Dansstudies?

Dansstudies omvat beide ‘n teoretiese en ‘n praktiese komponent. Leerders leer spesifieke dansvaardighede aan te skep, hulself uit te druk en te kommunikeer. Dansstudies dra by tot ‘n waardering van dans en ‘n begrip van professionele praktyk. Dit stel leerders in staat om dans en dansverwante beroepe volg in die uitvoerende kunste, die vermaaklikheidswêreld en die opvoedkundige, fiksheids- en ontspanningsbedrywe.

Dansstudies gebruik daaglikse dansoefeninge, choreografie en dansteorie om fiksheid en ‘n gesonde lewensstyl te bevorder en rus leerders toe met kritiese lewensvaardighede soos selfdissipline, kreatiwiteit, [kritiese] denke, leierskap en spanwerk: almal elemente wat tot hul voordeel in enige belangstellingsveld sal strek.

### 2.2 Spesifieke doelstellings

Dansstudies beoog om:

- die liggaam as ‘n instrument van uitdrukking te ontwikkel;
- veilige danspraktyke te bevorder;
- leerders se danstegniek, styl, vorm en opvoeringsbekwaamheid in ‘n gekose dansvorm te ontwikkel;
- leerders bloot te stel aan danse van verskillende kulture;
- improvisasie en probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel;
- leerders in staat te stel om hul eie choreografie te skep, op te voer en aan te bied;
- die vermoë te ontwikkel om krities te analiseer, te reageer, te geniet en oordeelkundige besluite oor dans te neem;
- die vermoë te ontwikkel om deur dans ‘n aktiewe betrokkenheid by sosiale, kulturele, omgewings- en gemeenskapsvraagstukke te handhaaf.

### 2.3 Tydstoekenning vir Dansstudies

‘n Minimum van vier onderrig-ure per vyfdag-week word aan Dansstudies toegedeel. Dit beloop 40 uur per kwartaal en 160 uur per jaar. Daar word ook van leerders in Dansstudies verwag om ten minste twee keer per week naskool te oefen en te repiteer. Buitemuurse klasse behoort naskool beskikbaar gestel te word vir danstegniekoefening, of leerders moet toegelaat word om soortgelyke klasse by privaat ateljees na skool-ure by te woon. Verder moet ekstra tyd aan leerders beskikbaar gestel word vir die repitering van choreografie-opdragte.

Dansteorie en praktiese dans gaan hand aan hand in Dansstudies. Vanweë die tydrowende aard van die praktiese komponent van dans moet praktyk en teorie so vêr moontlik geïntegreer word.

Omdat dansleerders ‘n hoë graad van fiksheid moet ontwikkel en handhaaf, behoort oefeninge nie gedurende eksamentye gestaak te word nie. Skole moet ten minste twee maal per week dubbelperiodes toewys sodat leerders genoegsame tyd het om te verklee, op te warm, te dans en af te koel.

### 2.4 Hulpbronne benodig vir die onderrig van Dansstudies

- ‘n Dansateljee, dubbelklaskamer of skoolsaal met ‘n geveerde houtvloer (noodsaaklik)
- Spieëls teen een muur (opsioneel)
- *Barres* (noodsaaklik vir Ballet, opsioneel vir ander dansvorme)
- ‘n Doelgerigte musiekstelsel met goeie klank en musiek-CD's of iPod
- Musiekinstrumente (opsioneel)
- ‘n DVD-speler en -skerm, of dataprojektor en [skoot]rekenaar
- Voorgeskrewe danswerk-DVD's: ten minste ses DVD's oor die drie jaar van VOO
- Danshandboek, studiegidse, dansverwysingsboeke en -tydskrifte
- Toegang tot die internet vir navorsing (opsioneel)
- ‘n Werkboek of -leêr en ‘n joernaal
- Toepaslike dansdrag vir die danshoofvak
- Onderriggids-DVD's
- Bergingsruimte vir werkboeke en toesluitkaste vir klere
- Aantrekkamers

**Keuse van ‘n Danshoofvak**

Elk van die vele dansvorme het ‘n eie danstaal, -terminologie en -opleidingsvereistes. Skole moet identifiseer welke dansvorm hul wil aanbied as danshoofvak. Gegewe die tydstoekenning, is dit nie raadsaam vir ‘n skool om meer as een danshoofvak aan te bied nie, tensy addisionele onderwysers, dansateljees en ‘n verlengde skooldag beskikbaar is.

Die skryf van ‘n leerplan en daarstel van standaarde en vlakke van kompleksiteit, soos vereis in die verskillende dansvorme, bly uiters uitdagend. Die leerplan is geskryf met die drie mees populêre dansvorme in Suid Afrika in gedagte, naamlik:

- Afrikadans;
- klassieke ballet; en
- kontemporêre/eietydse dans.

Skole en onderwysers wat Dansstudies in enige ander dansvorm wil aanbied, moet by die Departement van Basiese

Onderwys aansoek doen, met ‘n uiteensetting van hoe hulle die leerplan vir eie behoeftes sal aanpas, terwyl die vereiste vlak van nougesetheid gehandhaaf word.

**Keuring van leerders**

Om veiligheidsredes behoort die getal van twintig leerders in ‘n praktiese dansklas nie oorskry te word nie. Leerders moet onderwerp word aan ‘n oudisie en keuring vir die vak volgens hulle belangstelling, entoesiasme, aanleg en talent.

## 2.5 Oorsig van onderwerpe en toeslag

Die kerninhoud van die kurrikulum bestaan uit ‘n breë studie van dans as kunsvorm en behels drie interverwante onderwerpe, naamlik:

| Breë onderwerpe | Tydstoekenning: vier uur per week plus praktiese tyd na skool |
|---|---|
| Dansuitvoering/-opvoering | 60% van toegedeelde tyd – minimum 2,½ uur per week gedurende skooltyd plus addisionele tyd nà skool |
| Danskomposisie | 20% van tyd, onderrig in modules |
| Dansgeskiedenis en -geletterdheid | 20% van tyd, onderrig in modules |

Die breë onderwerpe van Dansuitvoering/-opvoering en Danskomposisie behels die bekom van fisiese-, opvoerings-, kreatiewe- en vertolkingsvaardighede, sowel as kennis en begrip. Die liggaam is die instrument waardeur dans ervaar en gerealiseer word. Fisiese opleiding en voorbereiding van die liggaam is dus fundamenteel. Hierdie opleiding spreek tot al drie die breë onderwerpe van die vak.

Leerders mag toegang tot die kursus in graad 10 verkry op grond van ‘n verskeidenheid vorige danservarings/opleiding. Gevolglik word ‘n hoë persentasie tyd aan die breë onderwerp Dansuitvoering/-opvoering toegewys om die nodige fisiese opleiding te verseker.

## 2.6 Inhoud

**Dansuitvoering/-opvoering** behels die voorbereiding van die liggaam as ‘n instrument van uitdrukking. Voorbereiding fokus op veilige danspraktyk, tegniek en styl, gesondheidsorg en beseringsvoorkoming. Dit omvat dansuitvoering/-opvoering van ‘n spesifieke standaard en sluit die begrip musikalitieit in, asook bekendstelling aan inheemse danse van Suid-Afrika.

**Danskomposisie** berei leerders voor vir beroepe in die dansbedryf en sluit improvisasie, asook die beginsels, prosesse en praktyke van danschoreografie in. Leerders word blootgestel aan musiek-genres, -instrumente en -elemente om hulle te lei in die gebruik van musiek vir hul choreografie. Hulle word ook die geleentheid gebied om entrepreneurskap en kunsteproduksiebestuursvaardighede soos organisasie, bemarking, opvoering en uitvoering te ontwikkel.

*In hierdie dokument word die woorde komposisie en choreografie afwisselend gebruik.*

**Dansgeskiedenis en Geletterdheid** behels die studie van die basiese ontwikkelling van dans in die hede en verlede, dansbeginsels, asook die funksies en waardes van dans. Leerders bestudeer en doen navorsing oor voorgeskrewe danswerke (sien Bylaag E) en verwante choreograwe en komponiste. Hulle ontwikkel kritiese denkvermoëens en ‘n begrip van verskillende artistieke, sosiale en kulturele kontekste binne die dansmilieu**.**

## 2.7 Die Aard van Progressie in Dans

Die onderrig van praktiese dansvaardighede is beide siklies en liniêre. Dansvaardighede word deur die jaar onderrig en elke opvolgende jaar bepaal met toenemende kompleksiteit.

Progressie in dansvaardighede word waargeneem deur:

- toenemende vaslegging (retensie) van dansbewegings, danspassies, reeks-danspassies (danssekwense) en geheeldanse;
- bemeestering van nuwe konsepte en vaardighede;
- bekom van bewegingsskat en terminologie;
- verhoogde bewustelikheid van detail en peile van akkuraatheid, krag, stamina en beheer;
- verbeterde koördinasie van verskillende liggaamsdele;
- toenemende musikale vermoë, met insluiting van die vermoë om komplekse ritmes uit te ken en te vertolk/ interpreteer;
- toenemende selfvertroue, selfdissipline, fokus en kreatiwiteit;
- die vermoë om langer sekwense (reeksdanspassies) te dans met insluiting van verskillende elemente soos vinnige verandering in spoed, vlakke en rigting;
- kopskuif van afhanklikheid na onafhanklikheid;
- verhoogde bewegingskwaliteit (vloei, oorgang en uitdrukking);
- integrasie van kennis, vaardighede en waardes in toepassing; en
- verhoogde vermoë om saam met ander te werk.

Die onderstaande tabel dui die hooftrekke aan van die inhoudprogressie van graad 10-12:

| Onderwerp 1: Dansuitvoering/-opvoering | | |
|---|---|---|
| **Graad 10** | **Graad 11** | **Graad 12** |
| **Danstegniek** | **Danstegniek** | **Danstegniek** |
| *Danskonvensies en -waardes:* respekteer ander en die dansruimte, persoonlike versorging, gedragskode | *Danskonvensies en -waardes:* toegewydheid, gebruik van ruimte, klasetiket, werk veilig saam met ander | *Danskonvensies en -waardes:* self-dissipline – stiptelikheid, voorbereidheid, verantwoordelikheid, toegewydheid tot die ander dansers; verhoogkonvensies |
| *Bewustheid van veilige danspraktyk*: opwarming, afkoeling; kennis van korrekte liggaamshouding/postuur en liggaamslyn, soepel gewrigte en veilige landings | *Toepassing van veilige danspraktyk:* opwarming, afkoeling, beginsels van korrekte liggaamshouding en liggaamslyn, vloeiende bewegings in die gewrigte en veilige landings | *Toepassing van veilige danspraktyk:* opwarming, afkoeling; toepassing van korrekte liggaamshouding en liggaamslyn en veilige landings |
| *Ontwikkeling van fiksheid:* opbou van krag, kernstabiliteit, soepelheid, uithouvermoë en neuromuskulêre-vaardighede | *Ontwikkeling van fiksheid*: soos graad 10, met toenemende kompleksiteit | *Ontwikkeling van fiksheid*: soos vir graad 10 en 11, maar met toenemende kompleksiteit |
| *Bewegingswoordeskat:* inleiding en eienskappe van die hoofdansvorm | *Bewegingswoordeskat:* beginsels, styl, eienskappe, tegnieke en danswoordeskat van die hoofdansvorm | *Bewegingswoordeskat:* toenemende vlakke van kompleksiteit in danstegniek en kombinasies toepaslik vir die hoofdansvorm: bv. tuimel, val, draai, rol, puntwerk, sweefbewegings; aanleer van die kundigheid om ongesiene/vry danskombinasies vinnig te begryp |
| *Musiek vir dans:* verkenning van 'n reeks musikale ritmes en genres, herkenning van maatsoorttekens en begrip hoe dit die kwaliteit van beweging beïnvloed | *Musiek vir dans:* verkenning en herkenning van frasering; refleksie van musikale dinamika in dansbeweging | *Musiek vir dans:* ontwikkeling van musikaliteit; verkenning van verskillende maniere om in optrede en komposisie/choreografie met musiek te werk |
| *Blootstelling aan dans oor kulture*: danspassies en sekwense | *Blootstelling aan dans oor kulture*: leer 'n hele dans | *Blootstelling aan dans oor kulture*: samesmelting van danspassies van twee dansvorme in 'n kombinasie/dans |
| **Opvoeringsvaardighede** | **Opvoeringsvaardighede** | **Opvoeringsvaardighede** |
| Danssekwense en danse waarin fokus, tydsberekening en ruimtelike verhoudings met ander benadruk word | Groepdanse waarin veranderde rigting, styl, verskeidenheid dinamika en toewyding aan beweging benadruk word | Solo- en groepdanse met toenemende vlakke van kompleksiteit, akkuraatheid, musikaliteit en bewegingskwaliteit (fokus, vloeiendheid, vlotheid, oorgange, dinamika, musikaliteit, styl, interpretasie en uitdrukking) |

| Onderwerp 1: Dansuitvoering/-opvoering | | |
|---|---|---|
| **Graad 10** | **Graad 11** | **Graad 12** |
| **Teorie: veilige danspraktyk en gesondheidsorg**<br>• Doel van opwarming en afkoeling<br>• Beginsels van houding/postuur en liggaamslyn<br>• Voetsorg en higiëne: versorging van die voete, moeë/sweterige voete, die regte skoene, gekraakte/droë voete, blase, toonnaels.<br>• Voeding: voedselgroepe, gebalanseerde dieet, instandhouding van goeie hidrasie<br>• Toepaslike dansomgewing | **Teorie: veilige danspraktyk en gesondheidsorg**<br>• Strukture, bewegings en veilige gebruik van die werwelkolom en beginsels van kernstabiliteit<br>• Basiese kennis van die skelet<br>• Name, ligging, klassifikasie en omvang van bewegings van die sinoviale gewrigte<br>• Voetsorg en higiëne: ingroeitoonnaels, atleetvoet, blase, liddorings, eelte, gebarste vel; oorsake, voorkoming en behandeling<br>• Hoof spiergroepe en hul anatomiese aksies (opsioneel)<br>• Komponente van fiksheid: krag en soepelheid<br>• Beserings (krampe, skeenbeenvliesontsteking skeenbeensplinters): oorsake, voorkoming en versorging<br>• Voeding: goeie keuse van voedsel en eetversteurings<br>• Stereotipering, groepsdruk, ‘n positiewe liggaamsbeeld | **Teorie: veilige danspraktyk en gesondheidsorg**<br>• Beginsels, prosesse en prosedures vir opwarming en afkoeling<br>• Komponente van fiksheid: kernstabiliteit, uithouvermoë, en motoriese koördinasie (neuromuskulêre-vaardighede)<br>• Beserings (verstuitings, verrekkings, beenbreuke, tendonitis): oorsake, voorkoming en versorging<br>• Eenvoudige eerstehulpbehandeling (RYKE)<br>• Geestesgesondheid: spanning, stres, ontspanning, konsentrasie en toewyding<br>• Voordele van goeie voeding |

| Onderwerp 2: Danskomposisie | | |
|---|---|---|
| **Graad 10** | **Graad 11** | **Graad 12** |
| **Improvisasie** | **Improvisasie** | **Improvisasie** |
| *Vertrouensbou-oefeninge:* om 'n veilige omgewing te skep: lei-en-volg, ontmoeting-en-skeiding, roep-en-antwoord, blind-en-begelei, ligte aanraking, kontrabalans (werk in pare en groepe) | *Vertrouensbou-oefeninge:* komplementerende en kontrasterende vorms en bewegings, gee-en-ontvang gewig, kontakimprovisasie (werk in pare en groepe) | *Vertrouensbou-oefeninge:* magsverhoudings, dubbelwerk/*pas de deux*, werk in pare, kontakimprovisasie, fisiese teater of ander aanvaarbare aktiwiteite vir die dansvorm (werk in pare en groepe) |
| *Verkenning van danselemente*: ruimte, tyd en krag | *Verkenning van danselemente:* kontrasterende bewegings, ritmes, poliritmes en sinkopasie | *Verkenning van danselemente*: samevoeging van elemente van ontwerp |
| *Ontwikkeling van bewegingswoordeskat* deur verkenning van die liggaam en sy dele, lokomotoriese en nie-lokomotoriese bewegings en werk met rekwisiete | *Ontwikkeling van bewegingswoordeskat* deur te werk met verskillende musiekgenres, woorde, simbole, teks, beelde of prente | *Ontwikkeling van bewegingswoordeskat* en die vermoë om choreografie te konseptualiseer deur te werk in nie-konvensionele ruimte met eie stories en sosio-politiese vraagstukke |
| *Verkenning* van natuurlike gebare en gestileerde bewegings | *Verkenning* van idees en persepsies spesifiek oor Suid-Afrika deur klank en beweging | *Verkenning* van die gebruik van multidissiplinêre kunsvorme en tegnologieë |
| **Musiek vir dans** | **Musiek vir dans** | **Musiek vir dans** |
| Musiekterme, genres, motiewe en frases | Instrumentklassifikasie en klankproduksie; ouditiewe verwantskap met dans; poliritmes en sinkopasie | Keuse van musiek vir choreografie |
| **Choreografie** | **Choreografie** | **Choreografie** |
| Komposisie van bewegingsekwense gekombineer met lokomotoriese en nie-lokomotoriese bewegings | Ontwikkeling van bewegings en motiewe | Konseptualisering van 'n bedoeling en die skepping van relevante bewegings |
| *Choreografiese struktuur* begin, einde, motiewe en frases | *Choreografiese struktuur* klimaks, sekwense, oorgange, patrone, repetisie en stil wees | *Choreografiese struktuur* eenheidsbeweging, kanon, tema en variasies, toevaldans ('chance dance') |
| Komposisie van 'n kort sekwens | Verkenning, dekonstruksie en eie interpretasie van 'n professionele choreograaf se werk | Ontwikkeling van idees vir choreografietake d.m.v. navorsing, analise, improvisasie en abstraksie |
| | Choreografie van 'n solo of duet | Gebruik van produksie-elemente: musiek, kostuums, rekwisiete, beligting, dekor |
| | | Choreografie van 'n voltooide groepdans van 2–3 minute |
| **Produksie** | **Produksie** | **Produksie** |
| Bemarking: ontwerp van 'n strooibiljet of plakkaat wat fokus op kleur, ontwerp, inligting en visuele impak | Produksiebeplanning: opvoeringsruimtes, programnotas, bemarkingsplan, joernaalrefleksie | Produksieorganisasie vir openbare optredes; beplanning van bemarkings-strategieë |

| Onderwerp 3 Dansgeskiedenis en Geletterdheid | | |
|---|---|---|
| **Graad 10** | **Graad 11** | **Graad 12** |
| • Wat is dans?<br>• Hoekom dans mense?<br>• Verskillende vorme van dans<br>• Kulturele dans en teater/ konsertdans<br>• Kort oorsig van die evolusie en ontwikkeling van dans<br>• Geskiedenis van die hoofdansvorm<br>• Die betekenis van inheemse dans<br>• Uitstappies om werklike dansopvoerings te sien of video's/ DVD's te kyk<br>• Eenvoudige analise en interpretasie van twee verskillende professionele danse<br>• Dansterminologie | • Beginsels van die hoofdansvorm<br>• Beroepe in en verwant tot dans<br>• Uitstappies om werklike dansopvoerings te sien<br>• Analise van 'n voorgeskrewe Suid-Afrikaanse danswerk (anders as dié in graad 10 bestudeer). Biografiese studie van die verkose choreograaf om die werk in 'n historiese konteks te plaas<br>• Analise van 'n voorgeskrewe Internasionale danswerk (anders as dié in graad 10 bestudeer). Biografiese studie van die verkose choreograaf om die werk in 'n historiese konteks te plaas<br>• Bestudering van musiek en komponiste van danswerke<br>• Inheemse Afrika/kruiskulturele dans – historiese agtergrond, tydperk, kultuur, gemeenskap, rolle, beskrywing, simboliek, dans as transformerende ritueel | • Beginsels, eienskappe en style van twee dansvorme<br>• Loopbane: omvang, verskeidenheid, opleiding benodig, opleidingverskaffers<br>• Gemeenskapsdansprojekte<br>• Funksies en waarde van dans in die gemeenskap<br>• Uitstappie na werklike opvoerings of die kyk van dans-DVD's<br>• Deeglike studie van 'n geselekteerde voorgeskrewe Suid Afrikaanse danswerk en die choreograaf<br>• Deeglike studie van 'n geselekteerde voorgeskrewe Internasionale danswerk en die choreograaf<br>• Danssimboliek<br>• Bestudeer musiek en komponiste van danswerke |

## 2.8 Onderrigriglyne

**Onderrig van danstegniek**

- Gee leiding en hou te alle tye toesig oor praktiese dansklasse.
- Leerders moet voor elke praktiese klas opwarm en gaandeweg 'n liggaamsopwarming- en -kondisioneringsroetine ontwikkel. Hierdie roetine moet in elke klas herhaal word om fiksheid en 'n liggaamsgeheue te vestig.
- Leerders moet aan 'n groot verskeidenheid musiekgenres en -tempos blootgestel word om luistervaardighede en musikaliteit te ontwikkel.
- Dansbewegings en danspassies moet stadig onderrig word (bou die oefening op om 'n begrip van beste praktyk te verseker). Somtyds moet 'n danskombinasie vinnig geleer word om leerders se luister- en waarnemingsvermoëns uit te daag en spoed in die aanleer van kombinasies te bevorder.
- Onderrig danspassies en -kombinasies eers in die middel/*barre* en beweeg daarna oor die dansvloerruimte.
- Verseker dat leerders in elke klas die geleentheid kry om danskombinasies uit te voer. Begin met 'n eenvoudige kombinasie en voeg elke week 'n deel by, totdat die leerder die hele dans kan uitvoer.
- Verseker dat leerders gereeld aan vry klasse blootgestel word waar hul kan leer om onvoorbereide kombinasies vinnig en maklik te hanteer.

**Onderrig van improvisasie**

- Improvisasie moet met duidelike riglyne gestruktureer word. Moenie die leerder vrye teuels gee deur te sê: 'doen net waarvan jy hou' nie.
- Leerders moet gelei word om met spontaniteit, waagmoed en selfvertroue te beweeg.
- Improvisasie moet tot komposisies ontwikkel word.

**Onderrig van dansteorie**

- Die onderrig van teorie moet met praktiese werk geïntegreer word, maar ook afsonderlik aangebied word. Gebruik anatomiese terminologie in die praktiese klasse en gebruik prente, internetspeletjies, tekeninge, byskrifte en interaktiewe metodes om anatomie en gesondheidsorg te onderrig. Teorie en beste danspraktyk, fiksheid en voorkoming van beserings moet almal gekoppel word. Ontwikkel denkende dansers.
- Moedig leerders aan om te lees en dansgeskiedenis en dansteorieë na te vors.
- Stel leerders bloot aan werklike en video-opvoerings om hul dans kritiese en analitiese vermoëens te ontwikkel.
- Koppel dansgeletterdheid aan choreografie.
- Gee leerders die geleentheid om oor dans te skryf om hulle skryfvaardighede en die gebruik van dansterminologie te ontwikkel.

**Praktiese Assesseringstake (PAT)** vind plaas in elke graad.

| | | |
|---|---|---|
| Graad 10 | 2 verpligte PAT | PAT 1: Komposisie van 'n sekwens - kwartaal 2<br>PAT 2: Inheemse of kruiskulturele dans - kwartaal 3 |
| Graad 11 | 2 verpligte PAT | PAT 1: Inheemse of kruiskulturele dans - kwartaal 2<br>PAT 2: Choreografie - kwartaal 3 |
| Graad 12 | 2 verpligte PAT | PAT 1: Choreografie - kwartaal 1<br>PAT 2: Groepdans - kwartaal 2/3 |

# AFDELING 3

## 3.1 KWARTAALBEPLANNING

| DANSSTUDIES | GRAAD 10 | KWARTAAL 1 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering/-opvoering** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>Minimum van 2½ uur per week dwarsdeur die jaar plus oefentyd onder toesig na skool | **Hulpbronne**<br><br>Dansateljee, dubbel klaskamer of saal met 'n geveerde vloer, musiekstelsel en CD's, DVD's, dansklere, handboeke en navorsingsboeke |
| **Inhoud/begrippe/vaardighede**<br><br>*Danstegniek*<br><br>• Danskonvensies en waardes:<br>- Groet en erkenning aan die begin en einde van die klas<br>- Gebruik van ruimte: bewustheid van persoonlike ruimte en gedeelde ruimte, veral in bewegende kombinasies<br>- Klasdissipline, respek vir ander en gedragskode<br>- Persoonlike versorging<br>- Gereelde klasbywoning<br>• Veilige danspraktyk: opwarming, afkoeling, kennis van korrekte liggaamshouding, liggaamslyn en soepel gewrigte<br>• Tegniese oefeninge in hoofdansvorm om krag en soepelheid te ontwikkel, bv. liggaamsaksies wat kombinasies van fleksie, ekstensie, rotasie, lokomotoriese beweging insluit en liggaamsdele kombineer<br>• Bekendstelling van die eienskappe van die hoofdansvorm<br>• Danswoordeskat van die hoofdansvorm – danspassies en kombinasies deur ruimte<br><br>*Teorie: Veilige danspraktyk en gesondheidsorg*<br><br>• Doel van opwarming en afkoeling<br>• Beginsels van ligaamsplasing, houding en ligaamslyn | | |
| **Onderwerp 2**<br><br>**Danskomposisie** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>5-7 uur per kwartaal wat in modules onderrig word, afsonderlik of geïntegreer met die praktiese klasse | **Hulpbronne**<br><br>Musiekstelsel, CD's van 'n veskeidenheid genres, instrumente, prente van instrumente, rekwisiete, voorgeskrewe boeke en navorsingsliteratuur |
| **Inhoud/begrippe/vaardighede**<br><br>*Improvisasie*<br><br>• Vertrouensspeletjies om 'n veilige omgewing en gedragskode te vestig, bv. spieëlbeelde, lei-en-volg, lei-die-blinde, aktief-en-passief, roep-en-antwoord, ontmoet-en-skei<br>• Intuïtiewe reaksie tot 'n wye reeks idees en stimuli om 'n bewegingswoordeskat te bou: verkenning van die liggaam en sy dele, lokomotoriese en nie-lokomotoriese bewegings afsonderlik en in kombinasie (bv. stap-draai-ineenstort-ontrafel), werk met rekwisiete (bv. tou, blare, materiaal, stokke of stoele)<br>• Ontwikkeling van kreatiwiteit, verbeelding, probleemoplossingsvermoeëns en besluitnemingsvaardighede<br><br>*Musiek vir dans:*<br><br>• Gebruik van 'n groot verskeidenhied musiekgenres om improvisasie te begelei: kunsmusiek (klassieke musiek, godsdienstige musiek); tradisionele musiek; elektroniese musiek; populêre musiek (blues, country, hip-hop, jazz); volksmusiek<br><br>*Choreografie*<br><br>• Komposisies van bewegingsekwense gekombineer met lokomotoriese en nie-lokomotoriese bewegings met 'n tema (bv. 'the chase') en in abstrak, deur individueel en in pare te werk | | |

| **Onderwerp 3**<br><br>**Dansgeskiedenis en geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>7-8 uur per kwartaal onderrig in modules, plus huiswerktyd | **Hulpbronne**<br><br>Geskiedenis: TV en DVD-speler of rekenaar en dataprojektor; dansboeke, tydskrifte en prente, werksblaaie/werkboek, handboeke en navorsingsliteratuur |
|---|---|---|
| **Inhoud/begrippe/vaardighede**<br><br>*Geskiedenis:*<br>• Wat is dans?<br>• Hoekom dans mense?<br>• Verskillende tipes danse – kulturele dans (Afrika, Spaans, Iers) en teater/konsertdans (ballet, kontemporêr)<br>• Dansterminologie – begin om eie danswoordeboek te ontwikkel | | |

| DANSSTUDIES | GRAAD 10 | KWARTAAL 2 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering/-opvoering** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>Minimum van 2½ uur per week dwarsdeur die jaar plus oefentyd onder toesig na skool | **Hulpbronne**<br><br>Dansateljee, dubbel klaskamer of saal met 'n geveerde vloer, musiekstelsel en CD's, DVD's, dansklere, handboeke en navorsingsliteratuur |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

*Danstegniek*

- Konsolidasie van werk gedoen in kwartaal 1
- Geleidelike ontwikkeling van 'n opwarmingsritueel, met toenemende fokus op asemhaling, opwarming van die rug, spiere en gewrigte, klem op korrekte liggaamshouding en liggaamslyne van die liggaamsdele (knieë oor die middel toon, ens.)
- Tegniese oefeninge in hoofdansvorm, insluitende draaibewegings met oogfokus ('spotting')
- Beginsels en eienskappe van hoofdansvorm: vir klassieke ballet – uitdraai, posisies van die arms en voete, lyn; vir kontemporêre dans – beweeg vanaf die pelvis, val-en-herstel, weg van die aslyn ('off axis'); vir Afrikadans – ritmiese patrone, liggaamshouding, gebruik van natuurlike buigings van die liggaam
- Danswoordeskat in die hoofdansvorm – danspassies en kombinasies, beweging oor dansvloerruimte op 'n verskeidenheid van musiekritmes
- Afkoeling en ontspanningtegnieke met strekking

*Teorie: Veilige danspraktyk en gesondheidsorg*

- Voetsorg en higiëne: versorging van voete, higiëne en reiniging, atleetvoet, ingroeitoonnaels, gebarste vel
- Toepaslike omgewing: geveerde houtvloer in goeie toestand, goed geventileerde kamer, geskikte temperatuur, groot genoeg om veilig in te beweeg

| Onderwerp 2 | Voorgestelde kontaktyd | Hulpbronne |
|---|---|---|
| **Danskomposisie** | 7 uur per kwartaal wat in modules onderrig word, afsonderlik of geïntegreer met die tegniekklasse | Musiekstelsel, CD's, handboeke en navorsingsliteratuur |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

*Improvisasie*

- Vertrouensspeletjies en verkenning van verhoudings, bv. beweeg met ligte fisiese kontak (beweeg in pare met vingerpunte wat raak, handpalms wat raak, balanseer in twee's)
- Verkenning van ontwerpelemente: van ruimte, tyd en krag (individueel en gesamentlik)
  - Ruimte: persoonlike en algemene ruimte; vlak – hoog, medium, laag; dimensie – klein, groot, smal, wyd; rigting – vorentoe, agtertoe, sywaarts, diagonaal, op, af; vloerpatrone
  - Krag: energie – kragtig, kragteloos; vloei van beweging – rukkerig/stamperig, egalig
  - Tyd: ritme, tempo, pas, duur, melodie

*Musiek vir dans*:

- Verkenning en omskrywing van musikale terme: tempo, ritme, pas, duur, sinkopasie, poliritmes, maatslag, harmonie, melodie

*Choreografie*

- **Praktiese Assesseringstaak (PAT 1):** Komposisie van 'n bewegingsekwens wat die danselemente (ruimte, tyd, krag) in ag neem met 'n duidelike begin en einde

| Onderwerp 3: Dansgeskiedenis en geletterdheid | Voorgestelde kontaktyd | Hulpbronne |
|---|---|---|
| **Dansgeskiedenis en geletterdheid** | 7-8 uur per kwartaal onderrig in modules, plus huiswerktyd | Dansboeke, danstydskrifte, internet, werklike vertonings (opsioneel) |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

- Bondige/kort evolusie en ontwikkeling van dans, bv. hoe dans ontwikkel het, en faktore wat die ontwikkeling oor die algemeen beïnvloed het
- Identifisering van verskillende dansvorme
- Uitstappie om ‘n werklike vertoning te sien of kyk dansvideo's om dansgeletterdheid te ontwikkel
- Eenvoudige ontleding/analise en interpretasie van ‘n professionele Suid-Afrikaanse danswerk, insluitend choreograaf, komponis, choreografiese bedoeling/intensie, styl, musiek gebruik en die vaardigheid van die dansers

| DANSSTUDIES | GRAAD 10 | KWARTAAL 3 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering/-opvoering** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>Minimum van 2½ uur per week dwarsdeur die jaar plus oefentyd onder toesig na skool | **Hulpbronne**<br><br>Dansateljee, dubbel klaskamer of saal met 'n geveerde vloer, musiekstelsel en CD's, DVD's, dansklere, handboek, navorsingsliteratuur en prente, Afrikadans-DVD en onderwysersgids (opsioneel), notas en werksblaaie |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

*Danstegniek*

- Konsolidasie van werk in kwartaal 1 en 2 gedoen
- Vloeroefeninge (nie-gewigdraende) om kernstabilitieit, soepelheid en krag te ontwikkel en te versterk
- Staanoefeninge (gewigdraend) om balans en beheer te ontwikkel
- Opwarming van voete en bene ter voorbereiding vir voetstampe, skoppe, puntwerk of springwerk (spronge, uitspringe) en veilige landings (soos deur die gekose dansvorm vereis)
- Danswoordeskat in die styl van die hoofdansvorm – danspassies en kombinasies wat op 'n verskeidenheid musiekgenres en ritmes beweeg
- Danskombinasies wat verskillende maatsoorttekens gebruik en fokus op hoe hulle die gehalte van die beweging beïnvloed
- Inheemse kruiskulturele dans – **Praktiese Assesseringstaak (PAT 2):**
  - Nie-Afrikahoofdansleerders moet inheemse Afrika-danspassies en sekwense aanleer, van ten minste maar nie beperk tot gumboot/pantsula/kwassa kwassa.
  - Afrika-hoofdansleerders moet passies en sekwense van 'n nie-Afrika-kultuurdansvorm aanleer, bv. maar nie beperk tot ballet/kontemporêr/Spaans/Indies.
- Afkoeling: geleidelike afname van spoed en grootte van bewegings, strekking en ontspanning

*Teorie: Veilige danspraktyk en gesondheidsorg*

- Voeding: voedselgroepe, gebalanseerde dieet, handhawing van goeie hidrasie

| | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp 2**<br><br>**Danskomposisie** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>7 uur per kwartaal wat in modules onderrig word, afsonderlik of geïntegreer met tegniekklasse | **Hulpbronne**<br><br>Musiekstelsel, CD's, instrumente, rekwisiete, voorbeelde van plakkate en strooibiljette, handboeke en navorsingsliteratuur. |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

*Improvisasie*

- Vertrouensspeletjies en verkenning van verhoudings: beweging in pare en groepe met ligte fisiese kontak, met rekke, tou, materiaal en loop in pare met liggaamsdele vas aanmekaar (skouers-wat-raak; kontrabalans)
- Verkenning van ontwerp-elemente (gesamentlik en afsonderlik):
  - Ruimte: geometriese vorms, grootte, rigting, vlakke, fokus, negatiewe ruimte
  - Krag: gewig, dinamika, impuls
  - Tyd: ritmiese patrone, impuls, reëlmatige- en onreëlmatige ritmes
- Verkenning van aanvang/begin en einde
- Verkenning van motiewe en -frases

*Musiek vir dans:*

- Erkenning van musiekmotiewe en frases

*Choreografie*

- Choreografeer eie kort solosekwens (8–16 mates/maatreëls), met inagneming van die choreografiese struktuur, bv. begin, middel, einde, motiewe en frases

*Produksie*

- Bemarking – ontwerp 'n strooibiljet of plakaat wat fokus op kleur, ontwerp, inligting en visuele impak

| Onderwerp 3 | Voorgestelde kontaktyd | Hulpbronne |
|---|---|---|
| **Dansgeskiedenis en geletterdheid** | 7-8 uur per kwartaal onderrig in modules, plus huiswerktyd | Handboek, dansboeke, danstydskrifte, internet, DVD's van voorgeskrewe danse, TV en DVD-speler of rekenaar en dataprojektor, geskrewe materiale, werksblaaie |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

- Geskiedenis van die hoofdansvorm: oorsprong, kulturele en sosiale agtergrond, tydlyn, invloedryke mense in die hoofdansvorm internasionaal en in Suid-Afrika (formele assesseringsnavorsingprojek)
- Analise en interpretasie van enige professionele danswerk insluitende die choreograaf, komponis, choreografiese doel/intensie, styl, musiek en vaardighede van die dansers
- Analise van die inheemse/kruiskulturele dans soos bestudeer en ‘n vegelyking met die hoofdansvorm in terme van styl sowel as sosiale en kulturele konteks

| DANSSTUDIES | GRAAD 10 | KWARTAAL 4 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering/-opvoering** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>Minimum van 2½ uur per week dwarsdeur die jaar plus oefentyd onder toesig na skool | **Hulpbronne**<br><br>Dansateljee, musiekstelsel en CD's, handboek en navorsingsboeke/ navorsingsliteratuur, hersieningswerksblaaie |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

*Voorbereiding vir formele assessering*

*Danstegniek*

- Bemeestering van opwarmingsritueel en klaswerk, insluitend gewigdraende en nie-gewigdraende oefeninge vir kernstabiliteit, soepelheid en krag, toepassing van veilige danspraktyk
- Kombinasies van danspassies in hoofdansvorm met variasie in rigting en spoed
- Uitvoering van 'n kort groepdans met fokus op tydsberekening en ruimtelike bewustheid tussen dansers

*Teorie: Veilige danspraktyk en gesondheidsorg*

- Hersiening van alle onderwerpe van kwartaal 1, 2 en 3

| **Onderwerp 2** | **Voorgestelde kontaktyd** | **Hulpbronne** |
|---|---|---|
| **Danskomposisie** | 6 uur | Musiekstelsel, CD's |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

*Improvisasie*

- Vertrouensbou-oefeninge, bv. maak oogkontak, ruimtelike bewustheid, verkenning van verhoudings met ander mense
- Kombineer elemente van dans (improviseer deur gebruik te maak van variasies in tempo, rigting en krag)
- Verkenning van kontrasterende bewegings bv, sterk – swak, hoog – laag, vinnig – stadig, oop – toe
- Verkenning van natuurlike gebare en gestileerde bewegings

*Choreografie*

- Komposisie van 'n sekwens wat natuurlike en gestileerde bewegings kombineer

| **Onderwerp 3** | **Voorgestelde kontaktyd** | **Hulpbronne** |
|---|---|---|
| **Dansgeskiedenis en geletterdheid** | 7-8 uur per kwartaal onderrig in modules, plus huiswerktyd | Handboeke, studiegidse, dansboeke, danstydskrifte, internet, werksblaaie |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

- Beginsels van die dansstyle soos onderrig in die hoofdansvorm
- Dansterminologie: danspassies, beginsels volgens die dansvorm
- Hersiening van alle teorie vir die skriftelike eksamens

| DANSSTUDIES | GRAAD 11 | KWARTAAL 1 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering/-opvoering** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>Minimum van 2½ uur per week dwarsdeur die jaar plus oefentyd onder toesig na skool | **Hulpbronne**<br><br>Dansateljee, dubbel klaskamer of saal met 'n geveerde vloer, musiekstelsel en CD's, dansklere, musiekinstrumente geskik vir die dansvorm, handboek, navorsingsliteratuur en prente, notas en werksblaaie |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

*Danstegniek*

- Hersiening van graad 10-werk
- Danskonvensies en waardes: gebruik van ruimte (klasetiket, bewustheid van ander in die ruimte en duidelikheid van rigting, veilig werk met ander)
- Veilige danspraktyk: opwarming, afkoeling, beginsels van korrekte liggaamshouding en liggaamslyn
- Tegniese oefeninge in die hoofdansvorm wat kernstabiliteit en soepelheid bou
- Komponente van 'n dansklas, bv. vloerwerk/*barre*-werk, werk in die middel, beweging in en oorkruis in ruimte, en springwerk, soos deur die gekose hoofdansvorm vereis
- Beginsels, eienskappe en styl van die hoofdansvorm: liggaamshouding, sentrering, uitdraai, lyn, verhouding tot swaartekrag, momentum, suspensie, spiraal, gebare en ander aspekte toepaslik tot die dansvorm
- Artikulasie van die voete, opbou van krag en beweeglikheid, en spronge/voetwerk-sekwense met veilige landings
- Beweging- en sweefbewegingkombinasies ('aerial') oor die vloer, insluitende verandering van rigting
- Dansterminologie: name van danspassies

*Teorie: veilige danspraktyk en gesondheidsorg*

- Basiese kennis van die skelet – name van die bene, byskrifte
- Struktuur, beweging en veilige gebruik van die rug en beginsels van kernstabiliteit
- Sinoviale gewrigte: name, ligging, klassifikasie en bewegingsomvang

| | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp 2**<br><br>**Danskomposisie** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>7 uur per kwartaal wat in modules onderrig word, afsonderlik of geïntegreer met die tegniekklasse | **Hulpbronne**<br><br>Musiekstelsel, CD's, instrumente, gedigte, prosa, simbole, prente, foto's en prente van opvoerruimtes, handboeke en navorsingsliteratuur |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

*Improvisasie*

- Vertrouensbou-oefeninge: maak oogkontak, ruimtelike gewaarwording, verkenning van verhoudings met ander liggame (mense)
- Verkenning van bewegingsmotiewe en frasering

*Musiek vir dans:*

- Verkenning van beweging geïnsprireer deur verskillende musiekinstrumente, bv, klavier, drom, fluit, kitaar
- Tipes musiekinstrumente, klassifikasie en klankproduksie
- Ontwikkeling van bewegings en motiewe vir 'n verskeidenheid van musiekgenres en style

*Choreografie*

- Komposisie van bewegingsmotiewe na frases met variasies
- Choreografiese strukture: aanvang/begin, einde, klimaks, oorgange, sekwense, patrone, herhaling en stilheid

*Produksie*

- Opvoerruimtes – tegniese terminologie (agterverhoog, voorverhoog, coulisse, syskerms, siklorama, prosceniumboog, arena-teater, stamdansomgewing/opvoerarea)

| **Onderwerp 3**<br><br>**Dansgeskiedenis en geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>7-8 uur per kwartaal onderrig in modules, plus huiswerktyd | **Hulpbronne**<br><br>Handboek, *Dansgeskiedenis Studiegids* (WKOD, 2007), dansboeke, dansprente, internet |
|---|---|---|

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

- Beginsels van die geselekteerde hoofdansvorm
- Studie van ‘n voorgeskrewe internasionale danswerk en choreograaf (anders as dié wat in graad 10 bestudeer is): biografie, periode, bedoeling/intensie, beskrywing, styl en bydrae gelewer tot dans. *Die bestudering en analise van DVD's van geselekteerde danswerke (noodsaaklik)*
- Studie van die musiek van die geselekteerde internasionale danswerk, insluitende komponis(te), instrumente, genre, bydrae tot die danswerk
- Analise van produksie-elemente – hoe die choreograaf atmosfeer of betekenis geskep het: beligting, musiek, dekor, rekwisiete, kostuums of grimering

| DANSSTUDIES | GRAAD 11 | KWARTAAL 2 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering/-opvoering** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>Minimum van 2½ uur per week dwarsdeur die jaar plus oefentyd onder toesig na skool | **Hulpbronne**<br><br>Dansateljee, musiekstelsel en CD's, ‘n vakkundige in die inheemse dansvorm (opsioneel), Afrikadans-DVD en onderwysersgids (opsioneel), notas en werksblaaie, handboeke, navorsingsliteratuur en prente |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

*Danstegniek*

- Konsolidasie van werk gedoen in kwartaal 1
- Veilige danspraktyk: fokus op vloei van bewegings in die gewrigte, egalige oorgange en veilige landings vanaf sweefbewegings (‘arial’)
- Tegniese oefeninge in die hoofdansvorm om sodoende kernstabiliteit, krag en soepelheid te bou
- Oefeninge wat die koördinasie van die liggaamsdele oefen, bv. koördinering van arms en bene
- Volle tegniese klas in die hoofdansvorm wat alle komponente ten toon stel: opwarming, liggaamskondisionering, werk in die middel en danskombinasies, beweging deur ruimte
- Danswoordeskat van die hoofdansvorm: danspassies-en-sekwense, beweeg aan die hand van ‘n verskeidenheid musiekgenres en ritmes met variasies in die gebruik van ruimte (vlakke, rigtings, paaie)
- Beweging- en sweefbewegingkombinasies (‘aerial’) oor die vloer, verkenning en erkenning van frasering en musikale dinamika
- Dansterminologie: name van danspassies, name en verduideliking van die beginsels van die hoofdansvorm

*Praktiese assesseringstaak (PAT 1)* **:** *Inheemse kruiskulturele dans:*

- Nie-Afrikahoofdansleerders: leer ‘n tradisionele/klassieke inheemse Afrikadans, bv., maar nie beperk tot: Domba/Ingoma/Umzansi/Isishameni/Indlamu/San-medisynelied
- Afrika-hoofdansleerders leer ‘n dans van ‘n nie-Afrika-kultuur, bv. ballet, kontemporêr, Spaans, Indies, jazz

*Teorie: Veilige danspraktyk en gesondheidsorg*

- Voetsorg en higiëne: atleetvoet, blase, liddorings, eelte, oorsake, voorkoming en versorging
- Hoofspiergroepe en anatomiese aksies (opsioneel)
- Komponente van fiksheid: soepelheid; definisie, tipes (dinamies, staties) en krag

| | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp 2**<br><br>**Danskomposisie** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>5-6 uur per kwartaal wat in modules onderrig word, apart of geïntegreer met die tegniekklasse | **Hulpbronne**<br><br>Musiekstelsel, CD's, instrumente, dans-DVD's en -speler of dataprojektor, handboek, dansboek en tydskrifte, prente van musiekinstrumente, notas en werksblad |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

*Improvisasie*

- Verkenning van danselemente: kontrasterende bewegings (sterk – swak, hoog – laag, vinning – stadig, oop – toe, ens.)

*Musiek vir dans***:**

- Ouditiewe verwantskap met dans

*Choreografie*

- Verkenning, dekonstruksie en eie interpretasie van ‘n professionele choreograaf se werk, bv. identifisering van die choreograaf se onderliggende beginsels, visie, benadering, struktuur en inhoud; gebruik van die idees om ‘n eie komposisie saam te stel
- Manipulasie en ontwikkeling van bestaande materiaal
- Ondersoek instel na verskeie choreografiese metodes en prosesse; insig in die werk van ‘n choreograaf

| **Onderwerp 3**<br><br>**Dansgeskiedenis en geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>8 uur per kwartaal wat in modules onderrig word, plus huiswerk | **Hulpbronne**<br><br>Dansboeke, danstydskrifte, internet, DVD's van voorgeskrewe danse, TV en DVD-speler of rekenaar en data-projektor |
|---|---|---|

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

- Navorsing: inheemse danswerk wat bestudeer word (oorsprong, kulturele en sosiale agtergrond, beskrywing van die dans in terme van kostuums, rekwisiete, musiek, konteks, tema en bedoeling/intensie, deelnemers, analise van beweging, gebruik van ruimte, formasies of patrone, dinamika, transformele rituele, simboliek).
  Verslag moet aangebied word vir PAT 1

| DANSSTUDIES | GRAAD 11 | KWARTAAL 3 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering/-opvoering** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>Minimum van 2½ uur per week dwarsdeur die jaar plus oefentyd onder toesig na skool | **Hulpbronne**<br><br>Dansateljee, musiekstelsel en CD's, DVD's, handboek, navorsingsliteratuur |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

*Danstegniek*

- Konsolidasie van kwartaal 1 en 2 se werk
- Tegniese oefeninge in die hoofdansvorm wat kernstabiliteit, krag, soepelheid en uithouvermoë bou
- Verhoogde toepassing van lewensvaardighede: selfdissipline, fokus en toegewydheid
- Toenemende komplekse danswoordeskat in die styl van die hoofdansvorm (danspassies, sekwense, patrone) met variasie in die dinamika van spoed en energie
- Toenemende vermoë om dansoefeninge en sekwense te herroep: bemeestering van ‘n voorgeskrewe eksamenklas vir graad 11 praktiese eksamens, insluitende ‘n solodans van ten minste 30 sekondes
- Groepdans wat fokus op spanwerk, oogkontak, verhoudings en die gebruik van choreografiese hulpmiddels, bv. eenheidsbeweging (‘unison’), kanon

*Teorie: Veilige danspraktyk en gesondheidsorg*

- Beserings: oorsake, voorkoming en versorging (krampe, skeenbeensplinters)

| | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp 2**<br><br>**Danskomposisie** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>7-8 uur per kwartaal wat in modules onderrig word, afsonderlik of geïntegreer met die tegniekklasse | **Hulpbronne**<br><br>Musiekstelsel, CD's, instrumente, bemarkings- materiale, handboek |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

*Improvisasie*

- Vertrouensbou-oefeninge, (kontakimprovisasie, paarwerk en werk in pare, fisieke teater)
- Verkenning van idees en persepsies spesifiek tot Suid-Afrika deur klank en beweging

*Musiek vir dans*

- Verkenning van poliritmes en sinkopasie deur beweging

*Choreografie*

- Komponeer ‘n kort sekwens in pare of klein groepies gebaseer op ‘n paar geselekteerde persepsies van Suid-Afrika

*Praktiese Assesseringstaak (PAT 2)*

Choreografie van ‘n volledige een minuut-solo of -duet, individueel of in medewerking, gebaseer op ‘n idee of tema of met gepaardgaande musiek, stemme of slaginstrumente (slaginstrumente) (kan liggaamsperkussie wees)

*Produksie*

- Beplanningsvaardighede, bv. die opskryf van ‘n joernaal oor choreografie-idees, struktuur, voorbereiding, repetisieskedules en self-oordenking
- Bemarkingsplan, bv. ontwerp ‘n koerantadvertensie of ‘n uitnodiging
- Produksiebeplanning, bv. begroting, lokaalbesprekings, kaartjieverkope, plekaanwysing, tegniese toerusting benodig, personeel benodig en hul pligte om ‘n vertoning aan te bied

| Onderwerp 3 | Voorgestelde kontaktyd | Hulpbronne |
|---|---|---|
| **Dansgeskiedenis en geletterdheid** | 7-8 uur per kwartaal onderrig in modules, plus huiswerktyd | Dansboeke, danstydskrifte, internet, DVD's van voorgeskrewe danse, TV en DVD-speler of rekenaar en dataprojektor |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

- Navorsingsopdrag: studie van 'n Suid-Afrikaanse choreograaf se voorgeskrewe danswerk (anders as dié in graad 10 bestudeer) en sy/haar werk (biografie, tydperk, geselskap, bedoeling/intensie, beskrywing, styl en bydrae tot dans gelewer)
- Kyk en analiseer 'n DVD van 'n voorgeskrewe danswerk (noodsaaklik)
- Uitstappie om 'n werklike dansuitvoering/-opvoering te sien (indien moontlik)
- Beroepe in en verwant tot dans

<table>
<tr><th>DANSSTUDIES</th><th>GRAAD 11</th><th>KWARTAAL 4</th></tr>
<tr><td>Onderwerp 1<br><br>Dansuitvoering/-opvoering</td><td>Voorgestelde kontaktyd<br><br>Minimum van 2½ uur per week dwarsdeur die jaar plus oefentyd ná skool</td><td>Hulpbronne<br><br>Dansateljee, dansklere, musiekstelsel en CD's, videokamera, DVD's, handboeke, navorsingsliteratuur</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/begrippe/vaardighede<br><br>Voorbereiding vir formele assessering sluit in:<br>• Bemeestering van graad 11 tegniese klaswerk met toepassing van veilige danspraktyk, verhoogde verskeidenheid van beweging, bemeestering van toenemend komplekse kombinasies en aandag aan detail<br><br>Teorie: Veilige danspraktyk en gesondheidsorg<br>• Portuurdruk, ‘n positiewe liggaamsbeeld en stereotipering gekoppel aan dans<br>• Voeding: gesonde voedselkeuses, eetsteurnisse gekoppel aan stereotipering<br>• Hersiening van inhoud van kwartaal 1, 2 en 3</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 2<br><br>Danskomposisie</td><td>Voorgestelde kontaktyd<br><br>5-7 uur per kwartaal wat in modules onderrig word, afsonderlik of geïntegreer met die tegniekklasse</td><td>Hulpbronne<br><br>Museksisteem, CD's, handboek, bemarkingsmateriale, joernale, woorde, simbole, teks, beelde en/of prente</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/begrippe/vaardighede<br><br>Improvisasie<br>• Ontwikkeling van bewegingswoordeskat deur te werk met woorde, simbole, teks, beelde of prente<br><br>Choreografie<br>• Voorbereiding van choreografiese idees en beplanning vir graad 12 choreografie PAT<br>• Begin individuele choreografie van 2–3 minute groepdans; sien Bylaag C vir graad 12-PAT-instruksies.<br>• Konseptualiseer ‘n bedoeling/intensie, plasing van inligting in korrekte volgorde, idees, bewegings en materiale, probleemoplossing, besluitneming, keuses maak en relevante inligting genereer<br><br>Produksie<br>• Vervolging van joernaalaantekeninge<br>• Programnotas<br>• Bemarkingsplan, bv. ontwerp van ‘n pamflet, plakkaat, advertensie</td></tr>
<tr><td>Onderwerp 3<br><br>Dansgeskiedenis en geletterdheid</td><td>Voorgestelde kontaktyd<br><br>6-8 uur, plus tyd vir huiswerk en hersiening</td><td>Hulpbronne<br><br>Handboek, navorsingsliteratuur, danstydskrifte, internet, DVD's van voorgeskrewe danse, TV en DVD-speler of rekenaar en dataprojektor</td></tr>
<tr><td colspan="3">Inhoud/begrippe/vaardighede<br>• Hersiening van alle teorie ter voorbereiding van die skriftelike eksamen</td></tr>
</table>

**GRAAD 12**

| DANSSTUDIES | GRAAD 12 | KWARTAAL 1 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering/-opvoering** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>Minimum van 2½ uur per week dwarsdeur die jaar plus oefentyd onder toesig na skool | **Hulpbronne**<br><br>Dansateljee, dubbel klaskamer of saal met 'n geveerde vloer, musiek-stelsel en CD's, DVD-speler, DVD's, dansklere, video-kamera, handboek, navorsingsliteratuur |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

*Danstegniek*

- Hersiening van graad 10- en 11-werk
- Danskonvensies en waardes: selfdissipline: stiptelikheid, voorbereidheid, betrokkenheid, verantwoordelikheid, bewustheid van en respek teenoor andere
- Veilige danspraktyk: opwarming, afkoeling, kinestetiese bewustheid en toepassing van korrekte liggaamsplasing/postuur en liggaamslyn, veilige landings
- Vloer- of *barrewerk* om fiksheid, balans en beheer te ontwikkel
- Toenemende komplekse tegnieke toepaslik tot die hoofdansvorm (tuimel, neerval, draai, rol, puntwerk, sweefbewegings)
- Musikaliteit: tydsberekening en die vermoë om komplekse ritmes en genres te herken en te interpreteer
- Uitbereiding van die graad 11-groepdans, of die aanleer van 'n nuwe groepdans (tydsduur ten minste 3 minute) vir 'n uitvoering in PAT 2 (2de/3de kwartaal)

*Teorie: Veilige danspraktyk en gesondheidsorg*

- Doelwitte, beginsels en prosedures vir opwarming en afkoeling
- Komponente van fiksheid: kernstabiliteit, uithouvermoë en motoriese koördinasie (neuro-muskulêre vaardighede)

| Onderwerp 2 | Voorgestelde kontaktyd | Hulpbronne |
|---|---|---|
| **Danskomposisie** | 7-8 uur plus oefentyd ná skool | Musiekstelsel, CD's, instrumente, tegnologie, dansers, joernale, produksie-elemente, handboek en navorsingsliteratuur |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

*Improvisasie*

- Verkenning deur improvisasie van nie-konvensionele ruimtes, eie stories en sosiale vraagstukke
- Eksperimentering met multi-dissiplinêre werk (teks, beelde, fotografie) of tegnologieë (oudio, video, film, rekenaars, telefone)

*Choreografie*

- verkenning van choreografiese struktuur en vorm (toevaldans/'chance dance', patrone, eenheidsbeweging/'unison', kanon, tema en variasies)
- Selektering van musiek vir PAT 1

*Choreografie Praktiese Assesseringstaak (PAT 1). Sien Bylaag A*

- Voltooi en bied 'n 2-3-minuut-groepdans aan, gebaseer op 'n idee, met begeleiding (musiek, stem, slaginstrumente of liggaamperkussie), individueel of met 'n maat gechoreografeer, wat die volgende in aanmerking neem:
  - Ontwikkeling van idees vanaf 'n beginpunt deur navorsing, analise en abstraksie
  - Gebruik van produksie-elemente (rekwisiete, kostuums, dekor, musiek of klank, beligting) in choreografie
  - Geskrewe aanbieding in die vorm van 'n joernaal wat beplanning, voorbereiding, repetisieskedule, choreografie-idees, struktuur, kostuums en/of grimeringontwerp en selfbesinning weergee

Vaardighede benodig sluit in:

- Kognitiewe vaardighede, bv. kreatiewe en kritiese denke, probleemoplossing, besluitneming, analise, sintese, toepassing van vaardighede en kennis
- Menslike bestuursvaardighede insluitende tydsbestuur, samewerkende vaardighede; leierskap en organisatoriese vaardighede
- Veilige praktyk gedurende repetisies met ander; toepaslikheid van bewegingsvereistes, toepaslikheid van voorbereiding van repetisies

| Onderwerp 3 | Voorgestelde kontaktyd | Hulpbronne |
|---|---|---|
| **Dansgeskiedenis en geletterdheid** | 6-7 uur per kwartaal onderrig in modules, plus huiswerktyd | Handboeke, dansboeke, danstydskrifte, internet, DVD's van voorgeskrewe danse, TV en DVD-speler of rekenaar en dataprojektor |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

- Funksies van dans in die gemeenskap, bv. uitdrukking, kommunikasie, opvoeding, vermaak, beroep, terapie, politieke propaganda, mededinging, transformasie, selfverwesenliking, innerlike vervulling
- Vergelyking van ten minste twee dansvorme in terme van beginsels, eienskappe en styl
- Deeglike analise van een voorgeskrewe internasionale danswerk, insluitende die choreograaf se agtergrond en opleiding, geselskap, konteks, styl, bydrae sowel as 'n beskrywing van die danswerk, simboliek en produksie-elemente gebruik en bewegingskwaliteit, met eie stawende opinies
- Bestudering van die musiek van die gekose voorgeskrewe werk hierbo, bv. komponis(te), instrumente, genre, beskrywing van die musiek en die bydrae tot die danswerk gelewer
- Dansskryfvaardighede, resensies, artikels, opstelle, programnotas, persvrystellings, onderhoude

| DANSSTUDIES | GRAAD 12 | KWARTAAL 2 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering/-opvoering** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>Minimum van 2½ uur per week dwarsdeur die jaar plus oefentyd onder toesig na skool | **Hulpbronne**<br><br>Dansateljee, musiekstelsel en CD's, videokamera, handboek |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

*Danstegniek*

- Konsolidasie van werk in kwartaal 1 gedoen
- Soos in die vorige kwartaal, met toenemende kinestetiese bewustheid, koördinasie en beheer
- Oefeninge om kernstabiliteit, soepelheid en uithouvermoë te ontwikkel en krag te bou
- Tegniek toepaslik tot die dansvorm uitgevoer met toenemende kompleksiteit, hoër vlakke van beweeglikheid, aandag aan detail, toenemende verskeidenheid van beweging, beheer en balans
- Danspassies en kombinasies, beweging op ‘n verskeidenheid musiekgenres en ritmes met variasies in die gebruik van ruimte (vlakke, rigting, wandelroetes) en bewegingsdinamiek
- Oefening van ‘n 1–2-minute-solo

*Groepdans Praktiese Assesseringstaak (PAT)– sien bylaag C vir instruksies*

- Publieke uitvoering van ‘n groepdans wat opvoeringsvaardighede demonstreer: kommunikeer die kreatiewe of choreografiese idee, projeksie, interpretasie, uitdrukking, fokus, gebruik van verhoogkonvensies, uitvoering met ander (dit kan in die 2de of 3de kwartaal gedoen word)

*Teorie: Veilige danspraktyk en gesondheidsorg*

- Algemene oorsake en voorkoming van beserings (verstuitings, verrekkings, beenbreuke, tendonitis, ligamentbeserings)
- Eenvoudige eerstehulpbehandeling (RYKE) = rus, ys, kompressie en elevasie)
- Geestesgesondheid (spanning, ontspanning, stres, konsentrasie, toewyding tot daaglikse oefening, toewyding tot beweging, toewyding tot ander dansers in die groep)

| | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp 2**<br><br>**Danskomposisie** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>2 ure gedurende skool en watter tyd ookal benodig word ná skool | **Hulpbronne**<br><br>Musiekstelsel, CD's, instrumente, musieknotas, produksie en bemarkingsmateriale, voorbeeld van teaterprogramme, handboek, navorsingsliteratuur |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

*Produksie*

- Opvoering van ‘n produksie: organisasie vir publieke optrede (bemarking, finansiëlebeplanning, repetisiebeplanning). Die produksie kan die graad 12-choreografieë en die -groepdans insluit
- Definisie van verskillende rolle bv. verhoogbestuur, assistent verhoogbestuur, voorportaalbestuur, danskaptein, openbare betrekking
- Beplanning van bemarkingstrategieë, bv. ontwerp van bemarkingsmateriale, plakkate, strooibiljette, persverklarings, netwerk, radio- en televisieonderhoude, webtuiste
- Programontwerp
- Produksiebeplanning, bv. begroting, fondsinsamelingsvoorstel, lokaalbespreking, reël van kaartjieverkope, plekaanwysing, tegniese toerusting benodig

| Onderwerp 3 | Voorgestelde kontaktyd | Hulpbronne |
|---|---|---|
| **Dansgeskiedenis en geletterdheid** | 60-90 minute per week onderrig, plus huiswerk- en hersieningtyd | Handboek, dansboeke en tydskrifte, ou eksamenvraestelle, internet, DVD's van voorgeskrewe danse, TV en DVD-speler of rekenaar en dataprojektor. |

**Inhoud/begrippe/vaardighede**

- Loopbane: verskeidenheid, omvang, opleiding benodig, opleidingsverskaffers
- Organisering van gemeenskapsdansprojekte
- Uitstappies om werklike dansaanbiedinge te sien
- Dans as simboliese taal, verlede en hede (teaterdans, sosialedans)
- Kritiese analise van een voorgeskrewe Suid-Afrikaanse choreograaf en een danswerk; insluitende die choreograaf se agtergrond en opleiding, geselskap, konteks, styl, bydrae; beskrywing van die danswerk, produksie-elemente gebruik, bewegingskwaliteite met eie opinies
- Studie van die musiek van die geselekteerde voorgeskrewe danswerk hierbo genoem, bv. komponis(te), instrumente, genre, beskrywing van die musiek en die bydrae gelewer tot die danswerk
- Skryfvaardighede (resensies, artikels, opstelle, programnotas, persvrystellings en onderhoude)

| DANSSTUDIES | GRAAD 12 | KWARTAAL 3 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering/-opvoering** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>Minimum van 3 uur per week plus oefentyd onder toesig na skool | **Hulpbronne**<br><br>Dansateljee, musiekstelsel en CD's, videokamera, handboek, navorsingsliteratuur |
| **Inhoud/begrippe/vaardighede**<br><br>'n 30-minute voorbereide klas en 1–2-minuut-solo in die hoofdansvorm moet geoefen word vir die finale praktiese eksamen en die danstegnieke soos aangeleer demonsteer<br><br>*Danstegniek*<br>• Danskonvensies: toewyding tot ander dansers, verhoogkonvensies<br>• Verpersoonliking van die 1–2-minuut-solo<br>• Gehalte van beweging (vlotheid, vloeiend, energie, oorgange, dinamiese variasie, musikaliteit en toewyding tot beweging)<br>• Opvoeringsvaardighede (fokus, tydsberekening, frasering, musikaliteit, akkuraatheid, beheer, vloei van beweging, projeksie, interpretasie, uitdrukking, verhoogkonvensies, uitvoering met ander)<br>• Vry danskombinasies om die vermoë te ontwikkel om kombinasies vinnig aan te leer (voorbereiding vir oudisies)<br><br>*Teorie: Veilige danspraktyk en gesondheidsorg*<br>• Voordele van goeie voeding vir dansers<br>• Konsolideer teorie van graad 10, 11 en 12 | | |
| **Onderwerp 2**<br><br>**Danskomposisie** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>30 minute geïntergreer met tegniekklasse | **Hulpbronne**<br><br>Rekwisiete, prente, gedigte en verskeidenheid musiek |
| **Inhoud/begrippe/vaardighede**<br><br>*Improvisasie*<br>• Verkenning van die kombinering van danselemente, bv. sterk, laag, stadige bewegings; vinnig, ligte bewegings met vinnige veranderings van rigting, wisselende dinamiek<br>• Improvisering met rekwisiete, prente, gedigte en afwisselende musiekgenres | | |
| **Onderwerp 3**<br><br>**Dansgeskiedenis en geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>1 uur per week, plus huiswerk en hersieningstye | **Hulpbronne**<br><br>Ou eksamenvraestelle,<br>handboeke en studiegidse,<br>DVD's van geselekteerde voorgeskrewe danswerke, TV of dataprojektor en rekenaar |
| **Inhoud/begrippe/vaardighede**<br>• Hersiening van alle teorie bestudeer in graad 10, 11 en 12 ter voorbereiding van proefeksamens | | |

| DANSSTUDIES | GRAAD 12 | KWARTAAL 4 |
|---|---|---|
| **Onderwerp 1**<br><br>**Dansuitvoering/-opvoering** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>Soos benodig vir eksamenvoorbereiding plus oefentyd onder toesig na skool | **Hulpbronne**<br><br>Dansateljee musiekstelsel en CD's |
| **Inhoud/begrippe/vaardighede**<br><br>• Finale voorbereiding vir die eksterne praktiese eksamen. Na afloop van die finale praktiese eksamen hou aan met oop dansklasse vir fiksheid, verligting van spanning en genot<br>• Aanleer van 'n ongesiene danssekwens of kort groepdans wat danspassies van twee dansvorme saamvoeg<br><br>*Teorie: Veilige danspraktyk en gesondheidsorg*<br><br>Hersiening van alle bestudeerde teorie in graad 10, 11 en 12 ter voorbereiding vir die finale eksamens | | |
| **Onderwerp 2**<br><br>**Danskomposisie** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>Soos benodig | **Hulpbronne**<br><br>Musiekstelsel, CD's, joernaal |
| **Inhoud/begrippe/vaardighede**<br><br>• Hersiening van improvisasie-, choreografie- en produksieteorie vir skriftelike eksamens | | |
| **Onderwerp 3**<br><br>**Dansgeskiedenis en geletterdheid** | **Voorgestelde kontaktyd**<br><br>2-3 uur per week, plus huiswerk en hersieningtye | **Hulpbronne**<br><br>Ou eksamenvraestelle en memoranda, handboeke en studiegidse, DVD's van geselekteerde voorgeskrewe danswerke, TV of dataprojektor en rekenaar |
| **Inhoud/begrippe/vaardighede**<br><br>• Hersiening van alle bestudeerde teorie in graad 10, 11 en 12 ter voorbereiding vir die finale eksamens | | |

# AFDELING 4

## ASSESSERING

### 4.1 Inleiding

Assessering is ‘n deurlopende beplande proses van identifikasie, versameling en verwerking van inligting oor die vordering van leerders. Dit behels vier stappe: skepping en versameling van bewyse van prestasie; evaluering van die bewyse; opskryf van die bevindings en die gebruik van hierdie inligting vir begrip om daardeur die leerders by te staan met hul ontwikkeling om sodoende die proses van leer en onderrig te verbeter.

Assessering moet beide informeel (assessering vir leer) en formeel (assessering van leer) wees. In beide gevalle moet gereelde terugvoering aan leerders gegee word om die leerervaring te versterk.

In Dansstudies moet die benadering tot assessering en terugvoering van assessering konstruktief en aanmoedigend wees om leerders se selfvertroue op te bou. Aangesien die liggaam ‘n instrument van hierdie studieveld is moet groot sorg aan die dag gelê word om potensieël skadelike persoonlike opmerkings te vermy.

### 4.2 Informele of daaglikse assessering

Assessering vir leer het die doel om voortdurend inligting te versamel oor ‘n leerder se vordering wat gebruik kan word om sy/haar leerproses te bevorder.

Informele assessering is ‘n daaglikse monitering van ‘n leerder se vordering. Dit word gedoen deur waarneming, besprekings, praktiese demonstrasies, leerder-onderwyserkonferensies, informele klaskamerinteraksie, ens. Informele assessering kan so eenvoudig wees soos om gedurende ‘n les leerders waar te neem of met hulle die vordering van die leerproses te bespreek. Informele assessering behoort gebruik te word om terugvoering aan leerders te gee en hul in te lig oor die onderrigbeplanning, maar hoef nie aangeteken te word nie. Dit moet nie gesien word as afsonderlik van leeraktiwiteite in die klaskamer nie. Leerders of onderwysers kan assesseringstake nasien.

Self-assessering en portuurassessering betrek leerders by assessering. Dit is belangrik aangesien dit leerders in staat stel om te leer en om oor hulle eie uitvoering te besin. Die resultate van informele daaglikse assesseringstake word nie formeel aangeteken nie tensy (die onderwyser) verkies om dit te doen. Die resultate van daaglikse assesseringstake word nie in aanmerking geneem vir bevordering en sertifiseringsdoeleindes nie.

### 4.3 Formele assessering

Alle assesseringstake wat deel vorm van ‘n formele program van assessering vir die jaar word beskou as formele assessering. Formele assesseringstake word nagesien en formeel aangeteken deur die onderwyser vir bevordering en sertifiseringsdoeleindes. Alle formele assesseringstake is onderworpe aan moderering en om te verseker dat 'n toepaslike standaard gehandhaaf word.

Formele assessering bied aan onderwysers ‘n sistematiese manier van evaluering wat aandui hoe goed leerders vorder in ‘n graad en ‘n spesifieke vak. Die vorme van assessering wat gebruik word moet toepaslik wees tot die ouderdomme en ontwikkelingsvlakke van leerders. Die ontwerp van hierdie take moet die inhoudelike van die vak dek en ‘n verskeidenheid van die take insluit wat ontwerp is om die doelwitte van die vak te bereik. Voorbeelde van formele assessering sluit in toetse, eksamens, praktiese take, projekte, verbale aanbiedings, demonstrasies,

opvoerings, ens. Formele assesseringstake vorm deel van ‘n jaarlange formele program van assessering in elke graad en vak.

## 4.4 Program van assessering

Die program van assessering is ontwerp om formele assesseringstake in alle vakke in ‘n skool oor ‘n kwartaal te versprei.

### 4.4.1 Program van assessering vir Dansstudies

Die formele assesseringsvereistes vir dansstudies is soos volg:

- Twee praktiese assesseringstake (PAT) per jaar vir graad 10-12. Hierdie PAT verteenwoordig 25% van die finale punt vir graad 10, 11 en 12.
- In graad 10 en 11 bestaan die skoolgebaseerde assessering wat 25% van die jaarpunt uitmaak uit een teorie toets, twee praktiese toetse, een halfjaar teorie en praktiese eksamen sowel as een navorsingsprojek.
- In graad 10 en 11 sluit die finale eksamen in kwartaal 4 ‘n praktiese en teoretiese eksamen in wat 50% van die finale punt verteenwoordig
- In graad 12 bestaan die skoolgebaseerde assessering, wat 25% van die punte verteenwoordig uit een teorie toets, een praktiese toets, twee teorie en twee praktiese eksamens
- Die finale eksterne teorie en praktiese eksamen dra 50% tot die finale punt by.

| | | |
|---|---|---|
| SGA 25 % | PAT 25% | FINALE EKSAMEN 50% |

| **Tabel 1(a) Formele assessering Graad 10 en 11** | | | |
|---|---|---|---|
| Kwartaal 1 | Kwartaal 2 | Kwartaal 3 | Kwartaal 4 |
| Teorietoets : 50 punte<br>Praktiese toets : 50 punte | Praktiese eksamen : 100 punte<br>Teorie-eksamen : 100 punte | Navorsing : 50 punte<br>Praktiese toets : 50 punte | Teorie-eksamen : 100 punte<br>Praktiese eksamen : 100 punte |
| 100 punte + | 200 punte + | 100 punte + | SGA 400 ÷ 4 = 100 punte |
| | PAT 1 : 50 punte | PAT 2 : 50 punte | PATs : 100 punte |
| SGA 100 + PAT 100 + finale eksamen 200 = Totaal 400 punte | | | |

| **Tabel 1(b) Formele assessering Graad 12** | | | |
|---|---|---|---|
| Kwartaal 1 | Kwartaal 2 | Kwartaal 3 | Kwartaal 4 |
| Teorietoets : 50 punte<br>Praktiese toets : 50 punte | Praktiese eksamen : 100 punte<br>Teorie-eksamen : 100 punte | Praktiese eksamen : 100 punte<br>Teorie-eksamen : 100 punte | Praktiese eksamen : 100 punte<br>Teorie-eksamen : 100 punte |
| 100 punte | 200 punte | 200 punte | SGA 500 ÷ 5 = 100 punte |
| | PAT 1 : 50 punte | PAT 2 : 50 punte | PATs : 100 punte |
| SGA 100 + PAT 100 + finale eksamen 200 = Totaal 400 punte | | | |

#### 4.4.2 Tipes formele assessering vir Dansstudies

**Toetse** behoort beduidend te wees en uit ten minste 50 punte gemerk te word.

**Navorsingstake** behoort onafhanklike navorsing aan te moedig en gerig te wees op die ontwikkeling van skryfvaardighede. Duidelike riglyne behoort verskaf te word en die pleeg van plagiaat moet ten strengste ontmoedig word.

| Graad | Onderwerp | Beskrywing |
|---|---|---|
| 10 | Geskiedenis van hoofdansvorm | Oorsprong, kulturele en sosiale agtergrond, tydlyn, invloedryke mense in die hoofdansvorm internasionaal en in Suid-Afrika |
| 11 | Suid-Afrikaanse choreograaf van 'n voorgeskrewe danswerk en die voorgeskrewe danswerk | Biografie, tydperk, dansgeselskap, choreograaf se stilistiese kenmerke, bydrae tot die dans; beskrywing van die danswerk, insluitend die idee/konsep/bedoeling, styl, komponis, produksie-elemente |

**Praktiese assesseringstake (PAT)** behoort beide teoretiese en praktiese aspekte in te sluit. Die teorie mag geassesseer word soos toegepas in die praktiese werk, bv. in die groepdans

| | | |
|---|---|---|
| Graad 10 | 2 verpligte PAT | PAT 1: Komposisie van 'n sekwens - kwartaal 2<br>PAT 2: Inheemse of kruiskulturele dans - kwartaal 3 |
| Graad 11 | 2 verpligte PAT | PAT 1: Inheemse of kruiskulturele dans - kwartaal 2<br>PAT 2: Choreografie - kwartaal 3 |
| Graad 12 | 2 verpligte PAT | PAT 1: Choreografie - kwartaal 1:<br>PAT 2: Groepdans - kwartaal 2 of 3: |

In graad 10 en 11 word die praktiese assesseringstake (PAT) intern bepaal, intern geassesseer en ekstern gemodereer.

In graad 12, word die praktiese assesseringstake (PAT) intern bepaal, intern en portuur geassesseer en ekstern gemodereer.

Verwys na bylaag C vir instruksies vir graad 12-PAT.

**Eksamens** word beide prakties en teoreties gedoen en behoort leerders voor te berei vir hul finale eksterne eksamens.

**Vraestel 1: Teorie-eksamens/skriftelik**

Verwys na bylaag C vir die onderwerpe en indeling van die eksterne teorie-eksamenvraestel.

Die teorie-eksamen moet voorsiening maak vir die omvang van kognitiewe vlakke en vermoë van leerders soos hieronder aangedui:

**Tabel 2**

| Kognitiewe vlakke | Persentasie van taak |
|---|---|
| Lae orde: kennis | 30 |
| Middelorde: begrip en toepassing | 50 |
| Hoë orde: analiseer, evalueer en kreatiwiteit | 20 |

**Vraestel 2: Praktiese eksamens**

Die finale praktiese eksamen in graad 12 behoort tussen September en Oktober plaas te vind. Die eksamen word intern opgestel volgens die onderstaande riglyne en word ekstern gemerk en gemodereer. (Sien Bylaag D vir graad 12 praktiese eksameninstrument).

*Riglyne*

Die graad 12 finale eksterne praktiese eksamen van die dansuitvoering/-opvoeringkomponent sal uit die volgende bestaan:

**1.** ‘n 30 minute allesomvattende **klas** *in die hoofdansvorm* om die tegniese vaardigheid te evalueer (4/5 leerders op ‘n keer). Dit is nie ‘n opwarming nie, maar eerder opsommend van die tegniek wat die leerder bemeester het in sy/haar hoofdansvorm. Dit moet die hoofdansbeginsels van die dansvorm vertoon.

**2.** ‘n Gechoreografeerde **vasgestelde solo van 1–2 minute in die** *hoofdansvorm (nie in gemengde dansstyle nie). Die solo moet deur ‘n professionele choreograaf of ‘n dansonderwyser gechoreografeer word op die hoogste vlak van kompleksiteit wat die danser kan bemeester. Die vlak van kompleksiteit sal die leerder se finale uitslag beïnvloed. Elke leerder behoort die solo te verpersoonlik.*

**3.** ‘n Solo- of **groepimprovisasie** – **kandidate sal op die dag die stimulus ontvang**.

## 4.5 Rekordhouding en rapportering

**Rekordhouding** is ’n proses waartydens die onderwyser die vlak van ’n leerder se prestasie in ’n spesifieke assesseringstaak dokumenteer. Dit dui aan hoe ’n leerder vorder in die verkryging van kennis soos voorgeskryf in die kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings. Rekords van leerderprestasies behoort bewys te lewer van die leerder se konseptuele groei in ’n graad en sy/haar gereedheid om na ‘n volgende graad te vorder of bevorder te word. Rekords van leerderprestasies behoort ook gebruik te word om die onderskeie vordering van onderwysers en leerders in die leer- en onderrigprosesse te verifieer.

**Berekening van kwartaalpunte vir Dansstudies**

- Kwartaalpunt: tel punte vir elke kwartaal 1-3 bymekaar insluitende die PAT-punt en verwerk tot ‘n persentasie vir die kwartaalpunt.
- Promosiepunt: voeg die rou punte vir assesseringstake vanaf kwartaal 1 tot kwartaal 3 bymekaar en verwerk tot SGA 25%, verwerk PAT-punte tot 25%, verwerk kwartaal 4-vraestel 1 (Teorie) tot 25% en vraestel 2 (Prakties) tot 25%.

**Rapportering** is ’n proses waarvolgens leerderprestasie aan leerders, ouers, skole en ander rolspelers gekommunikeer word. Daar kan op verskeie maniere oor leerderprestasie verslag gelewer word. Dit sluit in rapporte (verslagkaarte), ouervergaderings, skoolbesoekdae, ouer-onderwyser-konferensies, telefoonoproepe, briewe, klas-

of skoolnuusbriewe, ens. Onderwysers in alle grade lewer in persentasies verslag oor die vak. Sewe prestasievlakke van bevoegdheid word vir elke vak van Graad R-12 beskryf. Die prestasievlakke met die ooreenstemmende persentasies word in die onderstaande tabel aangedui.

**KODES EN PERSENTASIES VIR REKORDHOUDING EN RAPPORTERING**

| PRESTASIEVLAK | PRESTASIEBESKRYWING | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| 7 | Uitmuntende prestasie | 80 – 100 |
| 6 | Verdienstelike prestasie | 70 – 79 |
| 5 | Beduidende prestasie | 60 – 69 |
| 4 | Voldoende prestasie | 50 – 59 |
| 3 | Matige prestasie | 40 – 49 |
| 2 | Basiese prestasie | 30 – 39 |
| 1 | Ontoereikende prestasie | 0 – 29 |

Onderwysers sal werklike punte teenoor die taak aandui deur ’n rekordblad te gebruik en die persentasie vir die vak op die leerder se rapport aan te toon.

## 4.6 Moderering van assessering

Moderering verwys na die proses wat verseker dat die assesseringstake regverdig, geldig en betroubaar is. Moderering behoort op skool-, distriks-, provinsiale en nasionale vlakke plaas te vind. Deeglike en gepaste modereringspraktyke moet ingestel word vir gehalteversekering in alle vakke.

Moderering in Dansstudies sluit interne moderering deur die skool so wel as eksterne van aangesig tot aangesig en in groepe (‘clusters’) in.

Daar word sterk aanbeveel dat alle praktiese eksamens en uitvoerende assesseringstake verfilm word **en op** video of DVD vir moderering of afwesigheid weens siekte of ‘n besering (sien bylaag D), beskikbaar gestel te word.

### 4.6.1 Formele assessering (SGA)

- Take in graad 10 en 11 word intern gemodereer. Die vakadviseur/provinsiale beampte moet ’n steekproef van hierdie take gedurende sy/haar skoolbesoeke modereer om die standaard van die take en die interne moderering te verifiëer.
- Graad 12-take moet intern en ekstern van aangesig tot aangesig of in ‘n groep - deur ‘n leieronderwyser of vakadviseur gemodereer word. Provinsiale moderering moet deur die provinsiale onderwysdepartement bestuur word.

### 4.6.2 Praktiese assesseringstake (PAT)

- Die provinsiale beampte/vakadviseur sal steekproewe van graad 10 en 11-PAT in die 3de of 4de kwartaal selekteer en modereer. Alle dokumentasie moet vir amptelike besoeke beskikbaar gestel word.
- Graad 12-PAT sal van aangesig tot aangesig deur ‘n portuuronderwyser en/of vakadviseur/provinsiale beampte gemodereer word.

### 4.6.3 Finale praktiese eksterne eksamens

Provinsies sal ‘n eksterne eksamenpaneel aanstel wat die volgende persone insluit:

1. provinsiale interne moderator;

2. provinsiale hoofeksaminator; en

3. hulp-eksaminator[e].

Die paneel behoort so saamgestel te word dat dit ten minste een kundige van die toepaslike dansvorm insluit.

- Provinsies sal alle nodige reëlings tref. Dit sluit in die kommunikasie met die onderwysers en skole, asook die reëling van ‘n vergaderplek, tye, eksamenpanele en alle ander benodigdhede vir die bestuur van praktiese NSS eksamens vir graad 12.

- Alvorens die finale praktiese eksamens begin, sal die provinsiale interne moderator met die provinsiale eksaminatore vergader vir oriëntering betreffende die eksamen en die finalisering van assesseringsinstrumente.

- Die provinsiale interne moderator sal ‘n eksamenlokaal besoek om ‘n steekproef te doen ten einde die gehalte van die eksamenproses te verseker.

- Onderwysers verantwoordelik vir die onderrig van die praktiese komponent wat ge-eksamineer word, sal verwag word om saam met die eksaminatore teenwoordig te wees om die eksamen te fasiliteer en hul *praktiese jaarpunte en uiteensetting van die skoolgebaseerde assesseringspunte (SGA) vir moderering voor te lê.*

- Neem kennis dat die provinsiale hoofeksaminator die finale besluit oor die assesseringspunt sal maak.

- Die maksimum tydsduur toegewys aan die volledige praktiese eksamenproses is 6 weke in kwartaal 3 en/of 4.

## 4.7 Bylae

**Bylaag A: Formaat van die teorie/skriftelike eksamenvraestel: Graad 12**

Dansstudiesvraestel 1 Punte: 100 Tyd: 3 uur

*Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings.*

| AFDELINGS | MOONTLIKE ONDERWERPE | PUNTE |
|---|---|---|
| Afdeling 1:<br><br>Veilige danspraktyk en gesondheidsorg | • Beginsels, doelwitte en prosesse van opwarming en afkoeling<br>• Postuur, liggaamshouding en liggaamslyn<br>• Sinoviale gewrigte<br>• Spiere en anatomiese aksies (opsionele vraag)<br>• Struktuur, beweging en veilige gebruik van die ruggraat<br>• Komponente van fiksheid: krag, soepelheid, uithouvermoë, kernstabiliteit, neuromuskulêre vaardighede<br>• Besering: oorsake, behandeling en voorkoming<br>• Voordele van goeie voeding, gebalanseerde dieet en hidrasie<br>• Eetsteurnisse, stereotipering<br>• Geestelike gesondheid: spanning, spanningsdruk (stres), ontspanning, konsentrasie | 40 |
| Afdeling 2:<br><br>Dansgeskiedenis en –geletterdheid | • Dansgeskiedenis<br>• Funksies en waardes van dans in die gemeenskap<br>• Vorme, beginsels en eienskappe van die hoofdansvorm<br>• Loopbane in dans en verwante industrieë<br>• Choreografiese strukture en opvoeringsruimtes<br>• Dansproduksie en -bemarking<br>• Musiekelemente, terme, instrumente<br>• Dansgeletterdheid: voorgeskrewe internasionale en Suid-Afrikaanse danswerke, choreograwe en komponiste (sien lys hieronder) | 60 |

**Bylaag B: Voorgeskrewe choreograwe en danswerke – konseplys**

Keuses vir graad 10-12 mag uit die volgende lys gemaak word vir studie. Die keuses sal afhang van die beskikbaarheid van hulpbronne soos DVD's en geskrewe materiaal, wat jaarliks bevestig sal word. Neem asseblief kennis dat hierdie lys van tyd tot tyd op datum gebring sal word. Skole sal vroegtydig in kennis gestel word van enige veranderinge.

| Suid Afrikaanse choreograwe | Danswerke | Internasionale choreograwe | Danswerke |
|---|---|---|---|
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld/ Carmen* | George Balanchine | *Apollo/Jewels (emeralds, rubies, diamonds)* |
| Vincent Mantsoë | *Gula Matari* | Alvin Ailey | *Revelations* |
| Alfred Hinkel | *The Last Dance/Rain in a Dead Man's Footprints/ Cargo* | Martha Graham | *Lamentations*<br>*Errand into the Maze* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* | Christopher Bruce | *Ghost Dances* |
| Gary Gordon | *Bessie's Head* | Mathew Bourne | *Swan Lake/Cinderella* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* | Pina Bausch | *Rite of Spring* |
| Hazel Acosta | *Blood Wedding* | William Forsythe | *In the middle, somewhat elevated* |
| Carolyn Holden | *Imagenes* | Mats Ek | *Giselle/Swan Lake/Carmen* |
| Gregory Maqoma | *Beauty Trilogy/*<br>*Skeleton Dry/*<br>*Somehow Delightful* | Rudi van Dantzig | *Vier letzte Lieder [Four Last Songs]* |
| Dada Masilo | *Swan Lake/Romeo and Juliet* | Jiri Kylian | *Wings of Wax* |

**Bylaag C: Praktiese Assesseringstake (PAT)**

**PAT 1: Choreografie**

*Instruksies aan onderwysers:*

Elke leerder moet ‘n **2-3-minuut**-danswerk choreografeer met twee of drie mense en verkieslik nie hulself insluit nie. Dit is verkieslik dat elke leerder sy/haar eie dans choreografeer, maar dit is aanvaarbaar vir twee leerders om saam te werk aan een choreografie op voorwaarde dat elke leerder ‘n gelykmatige bydrae lewer en sy/haar individuele bydrae kan aantoon. Die onderwyser moet die proses monitor en in elke individuele leerder se joernaal verduidelik.

As leerders sukkel met die betrokkenheid van hul dansers mag hulle as ‘n laaste uitweg toegelaat word om ‘n duet aan te bied wat hulself insluit. Onderwysers moet die situasie monitor en verseker dat die stuk wel gechoreografeer is en nie geimproviseer is nie. Die omstandighede moet verduidelik word, geregverdig wees en in die choreograaf se joernaal aangeteken word.

Neem asseblief kennis van die volgende:

**Genre/styl/vorm:** Die choreografie is nie beperk tot die hoofdansvorm of enige spesifieke genre of styl nie. Leerders behoort ‘n vrye keuse te hê maar moet aangemoedig word om weg te beweeg van bekende danspassies en formasies om 'n nuwe bewegingswoordeskat te ondersoek en te skep.

**Gebruik van dansers:** Dit word aanbeveel dat elke leerder-choreograaf gebruik maak van graad 10-12-Dansstudieleerders as dansers. Om hierdie leerders aan te moedig om betrokke en konsekwent te wees word daar voorgestel dat punte toegeken word vir deelname aan graad 12-choreografie as deel van hul groepdanspunte.

**Organisering van repetisies:** Let asseblief daarop dat onderwysers verantwoordelik is om leerders by te staan met die organisasie van dansrepetisies en die deel van die repetisieruimte. Onderwysers moet teenwoordig wees tydens repetisies en die proses monitor.

**Keuse van musiek**: ‘n CD met ‘n aantal musieksnitte is beskikbaar deur die WKOD se Edumedia. Leerders is welkom om hierdie snitte te gebruik of hul eie te vind. Let asseblief daarop dat musiek met woorde vermy moet word.

‘n **SERTIFIKAAT VAN EGTHEID** moet in die choreografiejoernaal geplaas word wat ‘n waarborg is dat dit die leerder se eie werk is en die onderwyser die repetisie daarvan waargeneem het. Dit moet deur beide onderwyser en leerder onderteken word.

Leerders behoort die volgende oneerlike aksies te vermy:

- die gebruik van uittreksels van die werke van ander dansers/choreograwe/onderwysers/musiekvideo's;
- die gebruik van hulle dansers om hul dans te choreografeer; en
- die aanbied van ge-improviseerde werk as choreografie.

**Assessering:** Leerders behoort vooraf ingelig te word oor die kriteria in die choreografie waarop hulle individueel geassseseer sal word. Die punte moet gebaseer wees op:

| | |
|---|---|
| 1. Choreografiejoernaal, insluitend:<br>selfbesinning oor hul proses<br>hoe hulle die bedoeling van die choreografie in beweging vertolk het<br>hoe hulle met hul groep in die choreografiese proses gewerk het<br>wat hulle uit die choreografiese proses geleer het<br>hulle repetisierooster<br>bemarkingsplan vir die vertoning<br>produksieverslag | 10 |
| 2. Enkel blad (A4-grootte) programnota vir die dans wat nie 150 woorde oorskry nie. | 5 |
| 3. Die choreografie, insluitend komposisie in 'n persoonlike styl gebaseer op die bepaalde konsep | 5 |
| oorspronklikheid, skepping, verbeelding, innovasie | 5 |
| vaardigheid in die manipulasie van die danselemente (tyd, ruimte en dinamika) | 5 |
| organisasie van motief en strukture (oorgange, herhaling, variasie, kontras) | 5 |
| geskikte gebruik van produksie-elemente, bv. kostuums, rekwisiete, beligting en dekor | 5 |
| geskikte keuse en gebruik van begeleiding | 5 |
| gebruik van dansers en dansgehalte | 5 |
| Totaal | 50 |

**Assesseringsproses**

Die onderwyser en 'n portuuronderwyser/provinsiale beampte sal die choreografie intern assesseer. Die vertonings moet verfilm word en 'n DVD beskikbaar gestel word vir moderering.

Die assessering mag by 'n publieke vertoning, saam met ander skole of in 'n klaskamervertoning plaasvind.

**PAT 2: Groepdans** *Instruksies vir onderwysers*

Uitvoering van 'n groepdans, minimum 3 minute, in die hoofdansvorm. Die groepdans moet waar moontlik as 'n openbare optrede aangebied word.

Leerders leer 'n groepdans wat deur 'n onderwyser of 'n professionele choreograaf gechoreografeer is, of dit kan 'n uittreksel van 'n professionele werk wees. Die groepdans behoort die leerder se danswoordeskat en tegniek in die hoofdansvorm te ontwikkel en moet ook 'n uitdaging bied. Die dans moet die leerder se vermoë om te kommunikeer, verhouding tot mekaar deur saam te dans (optel opsioneel), ruimtelike patrone en tydsberekening aantoon.

Die groepdans behoort leerders in staat te stel om variasies in dinamika aan te toon en atmosfeer te skep. Die groepdans kan in die klas of as 'n openbare optrede aangebied word. Klem moet gelê word op bewegingskwaliteit, oorgange en uitdrukking.

Leerders behoort vooraf ingelig te word oor die kriteria waarop hulle as individue in die groepdans geassesseer sal word (sien instrument hieronder).

**Beplanning van die produksie**: Leerders behoort gedurende die verloop van die skooljaar deel te neem aan die beplanning van 'n openbare dansaanbieding. Hierdie opvoering kan graad 10-12-groepdanse en individuele choreografieë insluit. Die opvoering kan in 'n formele of informele plek plaasvind, bv. in die ateljee of skoolsaal, vir

portuur of publieke gehoor. Elke leerder moet ‘n produksie-organisatoriese rol kies of toegeken word. Daar word vereis dat leerders as ‘n span saamwerk om sodoende te verseker dat verskillende take tot ‘n suksesvolle produksie bydra. Elke leerder moet ‘n geskrewe verslag voorberei waarin hy/sy take en betrokkenheid in die proses sowel as uitkomste van die produksie gedokumenteer word.

| **PAT: GROEPDANS – 50 PUNTE**<br>Leerders | Maks punte | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Houding, deelname en vordering gedurende repetisies/klas | 5 | | | | | |
| Veilige gebruik van die liggaam, koördinasie en beheer, krag, soepelheid en stamina | 5 | | | | | |
| Akkurate weergawe van sekwense en aandag aan detail | 5 | | | | | |
| Musikaliteit en reproduksie van ritmes | 5 | | | | | |
| Kompleksiteit van danswoordeskat en tegniek | 5 | | | | | |
| Beginsels van die hoofdansvorm akkuraat toegepas; interpretasie van dansgenre en styl | 5 | | | | | |
| Werk saam met ander in ‘n groep, bewus van self en ander in ruimte; ekspressiewe interaksie met ander dansers, sensitiewe dansgenoot | 5 | | | | | |
| Gehalte van beweging: dinamika, vlotheid en ratsheid, oorgange; betrokke by die beweging, selfvertroue en konsekwent; fokus, teenwoordigheid, projeksie en energie | 5 | | | | | |
| Beplanning van die produksie en verslag | 10 | | | | | |
| Totaal | 50 | | | | | |

**Bylaag D** **Graad 12-Praktiese Eksameninstrument**

| Naam van Skool<br>Datum<br>Groep nommer<br>Moderator/Eksaminator | kandidate | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Beplande tegniekklas** | | | | | | |
| Veilige gebruik van die liggaam (postuur, liggaamslyn, landings) | 5 | | | | | |
| Fiksheid (soepelheid, krag, stamina) | 5 | | | | | |
| Koördinasie, beheer, noukeurig, akkuraat, duidelik, aandag aan detail | 5 | | | | | |
| Vlakke van ingewikkelheid (bv. balansering, vinnige verandering van rigting of vlak, kontras, gevorderde danswoordeskat) | 10 | | | | | |
| Bewegingsgehalte (oorgange, vloeibaarheid, dinamika, konsekwensie) | 5 | | | | | |
| Musikaliteit en reproduksie van ritmes | 5 | | | | | |
| Beginsels en styl van die dansvorm | 5 | | | | | |
| Aanbieding (selfvertroue, uitdrukking, energie, fokus, teenwoordigheid, projeksie, versorging, eksamenetiket) | 5 | | | | | |
| Algehele indruk | 5 | | | | | |
| **Subtotaal** | **50** | | | | | |
| **Solo** | | | | | | |
| Vlakke van ingewikkelheid (bv. balansering, vinnige verandering van rigting of vlak, gevorderde danswoordeskat, aandag aan detail) | 5 | | | | | |
| Beginsels van dansvorm, styl of genre en eie unieke styl | 5 | | | | | |
| Bewegingskwaliteit (oorgange/transisies, vloei, betrokkenheid, energie, dinamika) | 5 | | | | | |
| Opening/begin en afsluiting/einde en verpersoonliking van dans | 5 | | | | | |
| Musikaliteit en afwisselende dinamika | 5 | | | | | |
| Vertoning (uitdrukking, interpretasie, selfvertroue, fokus) | 5 | | | | | |
| **Subtotaal** | **30** | | | | | |
| **Improvisasie** | | | | | | |
| Struktuur: begin, einde | 2 | | | | | |
| Kreatiewe gebruik van ruimte en verhoudings | 3 | | | | | |
| Interpreteer stimulus | 3 | | | | | |
| Verbeelding, kreatiwiteit, innoverend, neem risikos | 5 | | | | | |
| Betrokke, energiek, gefokus, selfvertroue | 5 | | | | | |
| Weerklank vind in die musiek | 2 | | | | | |
| **Subtotaal** | **20** | | | | | |
| **Eksterne-eksamen-totaal** | **100** | | | | | |
| **2de eksaminator** | **100** | | | | | |
| **3de eksaminator** | **100** | | | | | |
| | **100** | | | | | |

**Bylaag E: Dansers met ernstige siekte of besering**

Alhoewel dans ‘n praktiese vak is, ondervind ‘n leerder soms dat hy/sy nie in staat is om die praktiese komponent in graad 12 as gevolg van ‘n besering of uitgerekte siekte te kan voltooi nie. In hierdie geval moet die volgende prosedure gevolg word:

1. Doen aansoek by die provinsiale Hoof van Onderwys met ‘n motiveringsbrief van die hoof en die ouers, asook ‘n gepaardgaande doktersertifikaat, nie ouer as een week nie, om toestemming vir ontheffing.

2. Die ontheffing stel die skool in staat om ‘n video/DVD van die leerder se klas of openbare optrede gedurende die laaste ses maande van graad 12 aan te bied en ‘n geskrewe navorsingsprojek in plek van een of beide van die PAT soos hieronder omskryf aan te bied:

Kandidate moet ‘n dansonderwerp in diepte navors. Dit mag gebaseer wees op dansgeskiedenis, dansgeletterdheid of dansteorie.

Dit word van kandidate vereis om hul navorsing mondelings of skriftelik aan te bied. Die geskrewe navorsing moet uit ‘n minimum van 1 500 woorde bestaan en illustrasies insluit.

**Nasiemkriteria**

- Geskikheid van onderwerp
- Beplanning van die navorsing
- Struktuur van die skryf (bekendstelling van die onderwerp en motivering, hooftema van die navorsing, gevolgtrekking, duidelike verwysings)
- Deeglike kennis en begrip van die onderwerp, relevante keuse van inligting
- Visuele aanbieding van inligting
- Mondelinge aanbieding van die navorsing aan die klas/eksamenpaneel
- Logiese en samehangende skryfstyl

**Alle kandidate moet ‘n sertifikaat van egtheid, onderteken deur beide die onderwyser en leerder, aanbied.**

**Straf vir plagiaat = 0 punte**

### 4.8 Algemeen

Hierdie dokument moet in samehang met die volgende saamgelees word:

**4.8.1** Die *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes vir die Nasionale Kurrikulumbeleid Graad R-12; en*

**4.8.2** Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*

### 4.9 Verwysings


**Handboek**

Frege, I, Scarborough, T. & Fourie, D. 2007. Focus on Dance Grade 12. Cape Town: Maskew MillerLongman.

**Studiegidse**

Anatomie en Gesondheidsorg Studiegids (WKOD, 2009) Kaapstad. Edumedia

Dansgeskiedenis en Teorie Studiegids (WKOD, 2007) Kaapstad. Edumedia

**Onderwyser Hulpbron Handleidings**

Dansteorie Onderwysers Handleiding, (WKOD 2006). Kaapstad. Edumedia

Onderrig van Improvisasie, Choreografie en Produksie: Opvoedersriglyne (WKOD, 2009). Kaapstad. Edumedia

**Naslaanboeke en artikels**

Anatomie

Bean, A. 1996. *The Complete Guide to Sports Nutrition* London: A & C Black.

Dansgeskiedenis en Geletterdheid

Anderson, J. 1992. *Ballet & Modern Dance: A Concise History.* New Jersey: Princeton Book Company.

Au, Susan. 2002. *Ballet and Modern Dance*. Revised and expanded edition. London: UK. Thames & Hudson.

Cass, J. 1993. *Dancing through History*. New Jersey: Prentice Hall.

Garfunkel, T. 2002. *On Wings Of Joy: The story of ballet from the 16th century to today*. Little Brown & Co.

Grut, M. 1981. *The History of Ballet in South Africa*. Cape Town: Human & Rousseau.

Mazo, JH. 2000. *Prime Movers: The Makers of Modern Dance in America*. Princeton Book Co.

Reynolds, N. & McCormick, M. 2003. *No Fixed Points: Dance in the Twentieth Century.* Yale University Press.

Sofras, P. 2006. *Dance Composition Basics: Capturing the Choreographer.* Champaign, IL: Human Kinetics.

Sorrel, W 1981. *Dance in its Time*. Garden City, New York. Anchor Press/Doubleday.

West, ME. 1976. *Abantu: An Introduction to the Black People of South Africa*. Cape Town: Struik.

**Nuttige webtuistes:**

Cape Town City Ballet http://www.capetowncityballet.org.za/

First Physical Theatre Company http://www.ru.ac.za/academic/departments/dram

Jazzart Dance Theatre http://www.jazzart.co.za

La Rosa Spanish Dance Theatre http://www.larosa.co.za

Moving into Dance Mophatong http://www.midance.co.za

Remix Theatre Company http://www.remixtheatre.co.za/

The South African Ballet Theatre http://www.saballettheatre.co.za/

Vuyani Dance Theatre Project http://www.vuyani.co.za/

Twyla Tharp http://www.achievement.org/autodoc/page/tha0bio-1

Pina Bausch http://www.pina-bausch.de/

Alvin Ailey http://www.texas-on-line.com/graphic/alvinailey.htm

Martha Graham http://womenshistory.about.com/od/grahammartha/

Veronica Paeper http://www.paeper.co.za/

William Forsythe http://www.euronet.nl/users/cadi/WF.html

Jiri Kylian http://www.vidishot.com/digidance/jiribio.html